


# Onthou Jy Nog?

Louis Nel

# Onthou Jy Nog?

## Oordenkinge oor Onthou-dinge

**Louis Nel**

November 2009

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


**Voorwoord**
**Die Fontein**
**Verskrikking in die Begraafplaas**
**Kinderlike Geloof**
**Die Krugermiljoene**
**Die Grot van die Skreeuende Monster**
**Bobbejane en Vals Profete**
**Vuil kom van Binne**
**Jesus se Onderrig**
**Die Ou Spookhuis**
**Lig en Duister**
**Goud**
**In Sy Voetspore**
**Spoke en Goeters**
**Om op die See te kan Loop**
**Is Vryheid van die Wet Vryheid om te sondig?**
**Werp alles in die Stryd**
**Die Waterval**
**Stories en Lewensverhale**
**Heerlike Geure uit my Kleintyd**
**Die Ding in die Donker**

**Die Kraal**
**Tant’ Ann vat ‘n Man**
**Skadubeelde**
**Wat Beteken Kerkwees?**
**Die Here tug dié wat Hy liefhet**
**Vissers van Mense**
**Ploetervarke en Troetelvarkies**
**Die Uitverkiesing**
**Die Pottebakker**
**Op die Magtige Lompopo**

# 1 Voorwoord

My kinderjare was heerlike lekker-onthoujare wat diep in my geheue gegrafeer is. My kleintyd was dikwels gevul met ‘n fantasiewêreld omdat ek alleen grootgeword het op ‘n plaas. Maar daar was ook baie insidente in my lewe wat so ‘n groot indruk gemaak het, dat ek dit vir altyd sal onthou.

En dan was daar natuurlik die oumense se stories - ek het aan hulle lippe gehang en elke woord ingedrink. Die dinge wat hulle vertel het, het my verbeelding aangegryp. Daar was stories uit die Boere-oorlog en die konsentrasiekampe, en dan was daar natuurlik die jagverhale wat met groot smaak vertel is.

Wat onthou jy nog uit jou kinderdae? Ek nooi jou uit om jou gedagtes vrye teuels te gee en te dink aan daardie wonderlike, sorgvrye tye - ja, soms was dit maar bitter swaar, maar vandag dink jy terug met groot lekkerkry.

In hierdie boekie het ek deurgaans gepoog om die onthou-tye te koppel aan die hier-en-nou van die wonderlike Woord van God. Kom, onthou saam met my!

Louis Nel



**Die skrywer saam met niggie Ingrid by Oupa Grootjie Freddie Botha voor ons ou plaashuis - 1953**

# 2 Die Fontein

## Johannes 7:32-39

My hart bons in my keel as ons om Suid Heuwel ry, verby die Elandskrans vakansie oord. Dit is ‘n paadjie wat ek tog so goed ken - en tog ken ek dit nie, want ek het hierdie paadjie veertig jaar laas bewandel. Agter ons lê die sluimerende dorpie, Waterval Boven, en hier voor ons die skilderagtige gasteplaas, Tegwaan. My oë soek vir bekende landmerke, en kort-kort gaan daar ‘n flikkerinkie op as ek iets sien wat ek onthou. Die eerste sestien jaar van my lewe het ek hier op hierdie plaas deurgebring. Hier het ek leer loop, leer praat, leer swem, leer fietsry en ‘n innerlike liefde vir die natuur aangeleer. Daardie jare was die plaas se naam Doornhoek, maar toe Oupa Johnnie Parsons die plaas verkoop, het die nuwe eienaar dit herdoop na Tegwaan, wat Hamerkop beteken - ‘n baie gepaste naam, want op hierdie waterryke plaas het die hamerkoppe baljaar onder die paddas, platannas en vissies.

Ons kry ‘n gastehuisie langs die kabbelende spruit, en ek kan nie vinnig genoeg afpak om die plaas te gaan verken nie. Maar ’n somer donderstorm kortwiek my verkenningstog, en geduldig moet ek maar wag totdat die harde reënbui verbytrek voordat ek my loop kan kry. Uiteindelik is dit verby. Die opgewondenheid borrel en kook binne in my: wat gaan ek hier kry? Bestaan die ou grond dam nog, die een waar ek en my maats in die middae na skool kaal geswem het? En die groot dam wat Oupa in die spruit gebou het, waar ek menige blinklyf-vorel vir ure lank moes bekruip vir ‘n watertand aandete? En die fontein - o, daardie wonderlike fontein! Droomverlore begin ek stap, en soek met elke tree herinneringe uit my kleintyd. Veldblommetjies groet my vrolik, en ek kry weer die ou grond dam. Hy lyk nou baie anders, maar in my verbeelding kan ek nog my ou swart Retriever sien swem agter stokke aan wat ons vir hom in die water gooi. In my gedagtes klink die vrolike gelag van seuns wat in die water rondplas in ‘n

tuisgemaakte sinkplaat bootjie wat sink as jy net roer in hom.

Ek is teleurgesteld as ek die voreldam in die spruit heeltemal toegeslik kry. Maar die fontein - ek moet by die fontein uitkom om net weer van daardie heerlike soet water te kan proe.

Te gou kom die nag. Ek moet my haas om voor donker by die huisie te kom. Ek worstel om deur die digte ranke te kom van ‘n boskasie langs die spruit. Hulle wil my vashou en sê: “Jy hoort hier by ons - dit is jou plek hierdie!” Maar ek ruk my los, en in die skemerte loop ek haastig na waar Mosbolletjie geduldig vir my wag om ‘n vuurtjie te kom maak vir aandete.

As ek heelwat later in die kooi lê, dan sien ek voor my geestesoog die fontein, so halfpad teen die klipkoppie op. Helder, soet water wat onder ‘n reuse granietklip uitborrel. Ek het altyd plat op my maag gaan lê en my trommeldik gedrink aan daardie heerlike

water.

Dit is nog nie eers behoorlik lig nie, dan is ek



**Die klipkoppie waar die fontein ontspring. In die agtergrond is Suid Heuwel.**

klaar die volgende oggend op, en pak ek met dapper en stapper die klipkoppie agter die ou plaashuis aan. Daardie jare het ek dit sommer uitgehardloop! Nou stoom en blaas ek teen die steiltes uit. Uiteidelik is ek bo -

die uitsig is asemrowend. Skurwe sandsteen klippe wat deur die eeue deur wind en weer gevorm is tot die wonderlikste vorms, lê verstrooi oor die hele koppie. My oog soek die fontein - daar is ‘n onbegaanbare ruigte om die afgekampte gebied, en my teleurstelling is baie groot. Maar ek volg die stroompie onderkant die fontein, en ‘n wonderwêreld van woude en mistige dammetjies waar forelle baljaar vou voor my oop. ‘n Vleiland van papkuil-riete en aaronskelke wat wemel van lewe, omsoom die spiëelgladde watertjies. Naaldekokers swiep oor die mistigheid, en die enkele waterhondjie dans oor die water oppervlak. Onderkant die dammetjies strek ‘n byna onbegaanbare vleiland, vêr tot onder by die spruit, ‘n vleiland deurspek met lewe.

My teleurstelling oor die fontein wat ek nie kon sien nie het oorgegaan in verwondering oor al die lewe wat hierdie enkele fonteintjie voed. Hoe wonderlik is dit dat ‘n magdom van bome, plante en diere absoluut floreer,

en letterlik jubel en juig in daardie enkele fonteintjie wat onder die rots uitborrel.

Jesus het gesê: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.” As ‘n klein fonteintjie in ‘n klipkoppie by Waterval Boven soveel lewe kan gee, hoeveel te meer nie die Bron van alle lewe, Jesus nie.

Was jy al by daardie bron? Het jy al geproe hoe soet die Lewende Water is wat Jesus gee? As jy dit eenmaal geproe het, dan borrel en bruis dit in jou op, en jy kan net eenvoudig nie stilbly daarvan nie. Dit is daardie einste lewende water wat die Samaritaanse vrou wat in sonde geleef het, laat opspring het om die hele gemeenskap te gaan vertel van Jesus, die Man wat vir haar nuwe lewe gegee het. Ja, so opgewonde was sy oor die wonderlike water, dat almal in die dorp na Jesus gestroom het om ook van daardie water te kry.

Ou Doornhoek se fonteintjie se water maak my opgewonde, maar die Lewende Water wat Jesus gee laat my rondspring en jubel en sing van opgewondenheid, want Hy gee nie net lewe nie - Hy IS die lewe. In Hom en deur Hom het alle dinge tot stand gekom. Hy is die Bron van alle lewe. Is jy ook opgewonde oor Jesus? Sê dit dan vir Hom, en sê dit ook vir almal waarmee jy vandag in aanraking kom.

Gebed:

Here, ek dank U vir die heerlike soet water van die lewensfontein waaruit U my gegee het om te drink.

## 3 Verskrikking in die Begraafplaas

## Matteus 8:28-34

Onthou jy nog, toe jy nog kind was, hoe jy of jou maats dikwels “gedêr” is om die een of ander verskriklike gevaarlike ding te doen, soos byvoorbeeld om haasmis op die onderwyser met die bynaam “Haas” se stoel te gooi. Ek onthou nog hoe die man ontplof het, en die arme skuldige daardie middag met ‘n agterstewe vol bloedrooi hale by die huis aangekom het. (Meisies het natuurlik nooit sulke dinge gedoen nie!). Kyk, as jy eers “gedêr” is, dan het jy nie eers verder gedink aan die gevolge van jou daad nie - al wat jou gedagtes oorheers het was om gekroon te word as die held van die dag!

Daar was egter een “dêr” wat nooit ligtelik gemaak is nie, en baie beslis nooit ligtelik opgeneem is nie: om stoksiel-moedersalig-alleen in die nag deur Waterval Boven se spokerige begraafplaas te stap. Ek meen, dit was erg genoeg om in die nag deur die ou

historiese Oosterlijn Laerskool geboue te stap. Daar het dit glo gespook dat dit kraak - vra maar vir die skoolhoof, Mnr. Raubenheimer (sy bynaam was Goël, omdat hy so bang was vir die skool se spoke)! Maar die begraafplaas? Aikôna! Daar het selfs die grootste "dêr" jou nie eers gekry nie, want die onheilighede wat 'n mens dalk daar kan teëkom is gevaarliker as enigiets waarmee jy ooit te doene kan kry.

Jare later is ek deel van Durban Noord se kerkjeug. Die pragtige ou kerkhof is net 'n klein entjie van die kerk af, en vorm 'n kortpad na een van ons vriende se huis. Ons het dikwels saans daar deurgestap, en die rustigheid en kalmte was vir my opvallend. Ek het, om die waarheid te sê, die wandeling deur die kerkhof altyd baie geniet.

Wat is die verskil dan tussen Durban Noord en Waterval Boven se begraafplaas? Niks! Die verskil is in die mense, want in Durban Noord was dit gelowiges wat God se teenwoordigheid ervaar het in die stilte. Die

bang seuns in Waterval Boven het God totaal misgekyk, en slegs die verskriklike onheil gesien.

Ek dink die arme mense van Gadara het selfs gesidder om helder oordag in die begraafplaas te kom, want hier het twee manne gewoon wat totaal koekoes was. (Matteus praat van twee manne, maar Markus noem slegs een, maar hierdie detail is onbelangrik.) In Markus se weergawe vertel hy hoe 'n verskrikking hierdie man was, en dat selfs kettings hom nie in toom kon hou nie. Hy was besete van etlike demone wat sy lewe totaal beheer het. Om so 'n persoon raak te loop, was vir daardie mense klaar 'n verskrikking; om hom in 'n begraafplaas te kry was onbeskryflik, want hulle het gevoel dat hulle in sulke omstandighede totaal buite God se magsgebied was.

Wanneer Jesus en die dissipels daar verbykom, kom hierdie besetenes na Hom toe aangehardloop, soos wat 'n mens 'n baie belangrike persoon sou tegemoetkom. Die

demone (engele van die duiwel) herken onmiddellik vir Jesus as die Seun van God, en hulle is be-angs, want hulle ken Sy almag. Hulle weet ook by voorbaat wat op hulle wag, en hulle smeek Hom om alternatiewe blyplek. Dit kos slegs 'n enkele magswoord van Jesus om die besetenes te verlos, en die demone in 'n trop onrein varke te laat invaar, wat hulleself te pletter loop in die see.

Vir die dissipels moes hierdie 'n traumatiese ervaring gewees het. Hulle het nog nie eers herstel van die vorige nag se skok, toe hulle almal gedink het hulle gaan versuip nie. Jesus moes weer ingryp gedurende die verskriklike storm daardie nag, en met die spreek van 'n woord het alles bedaar. Skaars sit hulle wankelrige voet aan wal en die volgende krisis tref hulle. Maar die boodskap is baie duidelik: met Jesus saam met hulle, word die ergste krisis slegs 'n geleentheid om Jesus se almag te demonstreer.

Jesus het die bose oorwin. In hierdie verhaal sien ons baie duidelik Jesus se mag oor die

bose. Dit beteken egter nie dat die bose verdwyn het nie - hy is steeds bitter gevaarlik, maar as kind van God hoef ek die bose nie te vrees nie, want met Jesus aan my sy is Hy die Een wat in beheer is. Dit beteken egter nie dat ek onverskillig teenoor die bose mag wees nie. As jy met duiwelse dinge, soos die okkulte (waarsêery, sterre voorspellings, oproep van geeste ens.) gaan speel, dan kan jy jou vingers lelik verbrand, want dan beweeg jy weg van Jesus af, en loop jy as't ware in die duiwel se arms (kloue) in.

Matteus se verhaal eindig tragies: toe die inwoners van Gadara Jesus se mag oor die bose sien het hulle selfs vir Hom bang geword en Hom gesmeek om weg te gaan. Lees jy egter Markus se weergawe, dan sien jy dat daar tóg 'n mooi einde is, want hierdie besetene(s) wat Jesus se verlossing ervaar het, het terug gegaan na sy mense toe, en vir hulle vertel wat daar werklik gebeur het, en so is die boodskap van Jesus se verlossing

onder die Gadareners versprei. Later het hulle die redding geword van baie gelowiges wat vir hulle lewe moes vlug gedurende die vervolging van Christene in Jerusalem.

Die boodskap is vanoggend duidelik: selfs in die mees skrikwekkendste omstandighede, kan jy weet dat jy steeds binne God se magsgebied is - dat Hy in volle beheer is. Solank jy by Jesus bly, is jy veilig.

Gebed:

Dankie Here, dat U my weereens net die versekering gee dat U in volle beheer is - maak nie saak wat gebeur nie.

# 4 Kinderlike Geloof

## Markus 10:13-16

Ouma het grootgeword in die Boere Oorlog jare. Dit was bitter moeilike tye - konsentrasie kampe; armoede; swaarkry; honger. Daar was een insident wat Ouma van vertel het wat tot haar dood haar bygebly het: Ouma was nog maar ‘n klein dogtertjie, en die gesin het die dag kuiermense gehad. Daar was ‘n baie spesiale verrassing - elkeen het ‘n stukkie Boerewors gekry - ‘n luukse wat hulle nie maklik kon bekostig nie. Ouma het die worsie gekoester en vir heel laaste gebêre. Haar mond het behoorlik gekwyl vir daardie heerlike lekkerte. En skielik besluit een ou tante dat sulke lekker goed darem nou nie op ‘n kind gemors kan word nie, en sy gaps Ouma se worsie voor haar neus weg. Ouma het bitterlik gehuil oor hierdie wrede insident, maar dit het nie haar worsie terug gebring nie!

Onthou jy nog die sorgvrye dae toe jy kind

was? Onthou jy nog die onvoorwaardelike geloof wat jy gehad het in totaal onsienlike dinge? Ek was die enigste kind, en ek het maar redelik alleen opgegroei op die plaas by Waterval Boven. Die berge rondom ons plaas was my speelplek, en wanneer ek alleen was, het ek myself allerhande dinge voorgestel, van "iemand" wat agter 'n klip wegkruip, en al kon ek hom nie sien nie, het ek vas geglo hy was daar, en het ek selfs hardop met daardie skim gesels. En toe die plaaswerkers die dag vir my vertel van die "spook" wat daar ronddwaal, toe het ek dit onvoorwaardelik geglo. Nee, ek het hom nie gesien nie, maar natuurlik was hy daar, want hulle het mos so gesê! Snags het ek dit nie gewaag naby die plek waar die "spook" sou dwaal nie….. Toe ek egter groter word, het ek maar net gelag oor hulle spookstories, en het die skimme agter die klippe ook verdwyn.

Markus skilder vir ons die toneel waar Jesus besig is om met 'n klomp mense te praat. En dan gebeur die onvermydelike, dat iemand

dit in sy gedagte gekry het om Jesus vir sy kinders te wys. Hulle voel dadelik aangetrokke tot hierdie vriendelike Man, en die ouers laat hulle toe om na Jesus toe te gaan. Die manne sien dit, en hulle skrik hulle yskoud: “Nee, dit mag nie! Ons durf nie toelaat dat die Meester se kosbare tyd so gemors word deur nikswerd kinders nie!” dink hulle, en summier word die kinders verwyder. Die ouers word behóórlik die hare gewas oor hulle onsinnige optrede. Kinders het mos nie plek hier tussen die manne nie!

Maar Jesus voel anders oor die saak - Hy is verontwaardig oor die manne se optrede, en Hy roep die kinders terug. “Moenie hulle keer nie,” vermaan hy die manne, “die Koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.” Jesus laat Hom nie bind deur sosiale norme nie. Die manne is gladnie gelukkig nie - hoe kan hulle Meester so laag daal? Elke Jood weet tog dat kinders nog nie eers die eerste sport van die sosiale leer bereik het nie. Hy is besig om so reg in die hande van die

Fariseërs te speel.

Jesus lees hulle soos ‘n boek: “Wie die Koninkryk van God nie soos ‘n kindjie ontvang nie,” vertel Hy vir die gebelgde manne, “sal daar nooit ingaan nie.”

En daarmee trek Hy die kindertjies nader en sit Sy arms om hulle en seën hulle. Vir die eerste keer in hulle lewe voel hulle dat hulle iewers behoort.

Nie alleen seën Jesus die kindertjies nie, maar Hy gebruik hulle as ‘n voorbeeld om te wys dat **ALMAL** vir God belangrik is. En dat dit van uiterste belang is dat gelowiges aandag moet gee, veral aan diegene wat gewoonlik geminag word. Hulle het dit soveel meer nodig as enige iemand anders.

Ek het dit al menigmaal ondervind hoe iemand wat ‘n klap van die lewe weg het, blom wanneer iemand aan daardie persoon aandag gee en haar laat voel dat sy ook iemand is - ‘n volwaardige mens is. Ek het ‘n

rukkie gelede berig van twee boemelaars wat by die kerk opgedaag het en vir ‘n beker koffie gevra het. Hulle is deur iemand behandel soos volwaardige mense, en vandag het albei van hulle ‘n vaste werk en blyplek. Een persoon se Jesus-optrede het vir hulle hulle menswaardigheid terug gegee en hulle laat blom. Ja, natuurlik is daar baie kansvatters in die lewe wat op mense se gevoel speel, maar wie is ek om te oordeel? Die suksesverhale soos dié van die boemelaars is legio, en een enkele geval soos hierdie maak dit deur en deur die moeite werd!

Dit is amper moeilik vir ons om die situasie van daardie tyd in te sien. Vandag is ons kinders nie alleen in ons as ouers se sorg nie, maar spandeer hulle ‘n groot deel van hulle tyd in die skool, onder onderwysers se sorg, of op die sportveld waar die afrigter na hulle omsien. Sondae is dit die Sondagskoolonderwyser se taak om die kinders te leer. Ons as ouers sien hulle net

saans. Daardie jare was dit anders: Kinders was totaal afhanklik **ALLEEN** van hulle ouers. As dit nie vir die ouers se goedgesindheid was nie, was ‘n kind op sy eie totaal verlore!

Dalk is dit juis hierdie gedagte wat Jesus by die manne wil tuisbring - dat ons as gelowiges moet begin besef dat ons so afhanklik is van God soos wat daardie kinders was van hulle ouers. Ek was verlede jaar dééglik aarde toe gebring toe al my aardse sekuriteite van my weggeneem is, en ek prakties moes ondervind hoe dit voel om gestroop van alles voor die Here te staan in volle afhanklikheid. Ek het nie geweet waar ek ‘n blyplek sou kry nie, want sonder ‘n inkomste kan ek nie daarvoor betaal nie. Die Here het voorsien. Toe daar nie geld vir kos of brandstof was nie, het Hy elke keer op die mees verrassende wyse voorsien. Maar ek moes leer om ten volle afhanklik van Hom te wees. Dit is veral moeilik om jou afhanklikheid van die Here te besef as dit

finansieel met jou goed gaan.

Maar dit is nie net op stoflike gebied waar ‘n mens jou afhanklikheid van die Here moet besef nie. Ook op die geestelike terrein is dit ewe belangrik. Iemand sê nou die dag vir my: “Ek sal kerk toe gaan wanneer ek die behoefte voel.” Die probleem is dat ‘n mens die behoefte al minder en minder voel. Soms moet jy jouself dwing om in die kerk te kom of Bybel te lees of te bid. As jy vir jouself die dag sê: “Vandag het ek dit nie nodig nie,” dan beweeg jy op baie dun ys. Dan wil jy in werklikheid sê: “Ek het die Here nie rêrag nou nodig in my lewe nie.” Ons moet baie deeglik besef dat ons nie vir ‘n enkele oomblik kan bestaan sonder die Here nie.

Gebed:

Here, gee my ‘n hart en ‘n passie vir diegene wat laag is op die sosiale leer.

# 5 Die Krugermiljoene

## Matteus 13:44-52

Vertel vir enige jong seuntjie van ‘n skat wat iewers begrawe lê, en jy sien sommer hoe borrel die opgewondenheid deur sy are. Dit is egter nie net vir klein seuntjies wat ou President Paul Kruger se skatte opgewonde gemaak het nie. En Waterval Boven was vir baie jare die brandpunt van bespiegelinge oor daardie fabelagtige skat, want die ou President se laaste staning was in die klein gehuggie, Waterval Onder, en in daardie omgewing, het mense gedink, het hy al sy goud laat begrawe. Kort-kort het daar iemand opgedaag wat nuwe insig sou gekry het oor presies waar al daardie rykdom begrawe sou lê, en dan wil hy berge versit.

Maar stel jouself nou net voor: in ‘n ou kis op jou solder ontdek jy ‘n nota wat sommer geel is van ouderdom. Dit is geskryf deur jou Oupagrootjie, en hy was een van die ou President se vertrouelinge. In die briefie

(gerig aan Oumagrootjie) beskryf hy presies waar hy en sy makkers ‘n groot hoop goud begrawe het om ná die verwoesting van die Boereoorlog weer die land op sy voete te bring. Gaan jy nie opgewonde wees nie? Uiteindelik is hierdie raaisel van meer as ‘n eeu opgelos, en jy is die enigste een wat daarvan weet. Jy pak jou tasse en vat die pad na die Laeveld toe. Alles het verander oor die afgelope honderd jaar, maar na ‘n lang soektog kry jy die plaas wat in Grootjie se brief beskryf is - alles is presies net soos Grootjie sê! Jy is so opgewonde dat jy eintlik bewe. Jy spoor die eienaar van die plaas op, en jy maak hom ‘n aanbod om die grond te koop, want jy is absoluut oortuig dat daardie ongelooflike skat juis daar begrawe is. Hoe weet jy dit? Jou bron is een honderd persent betroubaar, want hy was persoonlik daar, en hy was deel van die geselskap wat die goud begrawe het. Natuurlik glo jy hom, en noudat jy so naby daaraan gekom het is daar ‘n opgewondenheid wat onkeerbaar deur jou are bruis. Jy is bereid om feitlik enige prys vir

die grond te betaal - jy gaan selfs jou huis en al jou eiendom verkoop om genoeg geld te kry om die plaas te koop, want die beloning sal dubbel en dwars opmaak vir wat jy betaal.

Jesus se derde groot preek word afgesluit met drie kort gelykenisse. Die eerste twee het te doene met dinge van groot waarde, soos in ons storie hier bo. Jesus sê dat wanneer so ‘n geleentheid van die een of ander groot skat hom opdoen, dan sal jy enigiets doen om daardie skat in die hande te kry. Kyk maar watter moeite doen party mense nie om skatte uit ou skepe wat vir honderde jare onder die see lê te kry nie - geen geld of moeite word ontsien nie.

So is dit met die koninkryk van God: as ‘n mens dit die dag ontdek (of as dit jóú dalk ontdek!), dan raak jy so opgewonde daaroor dat jy letterlik enigiets sal doen om deel daarvan te word. Vat nou maar vir Petrus en sy makkers: hulle het alles net so gelos - hulle werk, vriende, ouers, familie, bote - en

hulle het vir Jesus gevolg. Nee, nie sommer net vir ‘n dag of wat nie, maar vir drie jaar lank was hulle bereid om totale ongemak te verduur om net maar by Jesus te kon wees. Vir hulle was hierdie Skat van onskatbare waarde! Wanneer ‘n Moslem vandag daardie Skat ontdek, dan moet hy bereid wees om absoluut alles prys te gee, want totale verwerping van sy familie en vriende is sy voorland, en hy word gestroop van alles wat hy besit. Boonop is hy dan ook gladnie eers meer seker van sy lewe nie. “Is dit die moeite werd?”, sou jy vra. Fatima, ‘n dame wat as jong meisie die Moslem geloof verruil het vir die Christelike geloof, het my opgewonde vertel van wat dit vir haar beteken om Jesus te kan volg. Al die afgryslike ontberings wat sy moes deurgaan was oor en oor die moeite werd. Nou doen sy sendingwerk, en versprei die Evangelie - die Blye Boodskap - na duisende mense wat vasgevang is in Hindoeïsme en Islam se kloue.

My vraag aan jou vanoggend is of jy al

daardie Skat wat mense so opgewonde maak ontdek het. Jy het? Is jy ook opgewonde daaroor? Is jy so opgewonde as wat jy sou gewees het as jy die Krugermiljoene ontdek het? Is jy so opgewonde dat jy net eenvoudig nie daaroor kan stilbly nie, en dat jy vir elkeen wat jou pad kruis moet vertel daarvan?

Mag hierdie dag wat voor jou deur lê vir jou groot seën inhou, en jou borrelend opgewonde maak oor die fabelagtige Skat wat alleen Jesus jou kan bied - die Skat van God se koninkryk en van die ewige lewe.

Gebed:

Here, ek is borrelend opgewonde oor die skatte wat U vir my gegee het. Help my om hulle te gebruik tot eer en verheerliking van U grote Naam.

# 6 Die Grot van die Skreeuende Monster

## Johannes 1:6-18



Dit was  baie jare gelede - ek was nog maar ‘n jong seuntjie - toe die nuus kom dat daar in die Laeveld ‘n grot ontdek is wat baie indrukwekkend is: die Grot van die Skreeuende Monster, en hy kan amper vergelyk word met die Kango grotte. Ek en Pa en Ma en Oom Boet en Pieter Botha besluit om hierdie wonder te gaan ondersoek, en so sit ons een Saterdagoggend af op ons grotjagtog. Die opgewondenheid borrel in my. Ek was nog nooit in ‘n regte, egte grot nie. By die plek aangekom kry ons ‘n jong seuntjie van die omgewing om vir ons te gaan wys waar die grot geleë is. Eers is dit oor ‘n rivier, en dan berg-op, deur digte woude. Dis harde werk, maar berge is ek gewoond, en ek draf die steiltes opgewonde uit. Plek-plek is daar ‘n soort-van paadjie, asof iemand jare gelede met ‘n ossewa daar kon opgery het, en ek wonder hoe hulle dit kon regkry.

Skielik is hier voor ons ‘n groot hoop klippe - en die gat in die aarde. My hart bons in my

keel as ek in die pikdonker dieptes instaar. Wat wag daar binne vir my? As ek versigtig deur die bek van die grot klim, dan oorweldig die pikdonker my, en ek voel ‘n beklemming om my hart. Iemand skakel ‘n flitslig aan, en die duister verdwyn. Met primitiewe flitsliggies pak die safari die grot aan. Volgens oorlewering het hierdie grot ‘n uitgang meer as vyftig kilometer verder. My mond hang oop van verbasing oor die geweldige sale waardeur ons loop. Ver, ver bo ons koppe sien ek die plafon met sy duisende vlermuise en wonderlike kalksteenformasies. As die liggies afgeskakel word is die duisternis oorweldigend, maar sodra iemand ‘n flitslig aanskakel dan lewe dit rondom ons met die wonderlikste skeppings van drake en feetjies en kaboutertjies, en dan natuurlik daardie vreesaanjaende gestalte van die skreeuende monster wat bo alles uittroon. Vrees omklem my hart: sê nou ons verdwaal! Sê nou maar ons kry nooit weer ons pad hier uit nie….. as die flits se batterye pap word is ons gedoem

tot ewige duisternis!

Baie jare later besoek ek weer dieselfde grot. Nou is daar ‘n pad gebou teen die berg uit, en sy naam het verander: Sudwala. Ek is baie opgewonde as ek na al die jare weer daardie ondervinding herleef. As ek die grot binnestap is alles helder verlig. Nou kan ek elke klein detail sien van hierdie manjifieke wonderwerk. Waar alles net ‘n vae misterie was die vorige keer, is die volle werklikheid van die skoonheid van die kalksteenformasies nou helder duidelik.

Kristalhelder water blink op die stalagmiete en stalaktiete, en die helder lig tooi dit alles in ‘n asemrowende wonderwêreld van kleur en skoonheid, asof ‘n kunstenaar gekom het en hom oorgegee het aan sy wildste verbeeldingsvlugte. Skepping op skepping staan die massiewe kunswerke ingeryg, en as jy mooi kyk sien jy die ragfyn handewerk van delikate vingers. Hoe dieper jy kyk, hoe meer word jy met verwondering vervul.

Johannes het kom vertel van die Lig wat aan die kom was. Hy was ‘n profeet, en hy het ‘n klein bietjie van die Lig van God weerkaats, sodat die mense ‘n kykie kon kry na die wonderlike lig wat aan die kom was. Soos die vlou flitsliggies van jare gelede daar in die grot, kon ‘n mens maar net fantaseer oor die Een wat sou kom.

En toe kom die ware Lig wat totaal en al die duister verdryf - Jesus! Nou is dit nie meer net ‘n weerkaatsing nie, maar die ware werklikheid. Tóg het die mense vir hulle oogklappe aangesit. Hulle wou nie die Lig sien nie. Hulle het nooit daardie ware Lig herken nie. Hy, die Skepper van die heelal - Hy is verwerp omdat mense nie wou glo dat Hy die ware Lig is nie. Dit is eers nadat hulle Hom gemartel het, gekruisig het, doodgemaak het, en nadat Hy die dood oorwin het dat sommige van hulle begin glo het dat Hy die ware Lig is.

Vandag is dit steeds so dat tallose mense met oogklappe aan loop en steeds weier om

die Lig raak te sien. Maar wanneer jy bereid is om te kyk en erkenning aan daardie Lig te gee, dan gebeur wonderlike dinge met jou. As jy maar net bereid is om te glo, dan kom maak Hy jou sy kind. Dan is Hy bereid om te vergeet van al die jare wat jy Hom misken het, en Hy skryf al jou sondeskuld af. Dan word die groot genade van God vir jou ‘n werklikheid, en jy ontvang dit in strome. “Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.” (v. 16). In die wonderbare Lig wat daar vir jou opgegaan het begin jy dan die grootheid van Sy skepping sien, en in die alledaagse begin jy dan God se wonderwerke raaksien. Dan is die lewe nie meer vir jou dowwe drogbeelde nie, maar wonderlike kunswerke van God se almag.

Het jy al jou oogklappe afgehaal en God se wonderbare Lig gesien?

# 7 Bobbejane en Vals Profete

## 2 Korintiërs 11:1-15

Bobbejane kan die skatlikste ou goedjies wees, veral as hulle nog klein is. Nou die dag sit ek my weer en vergaap aan die manewales van die klein bobbejaantjies. Dit was naby Krokodilbrug waar hulle ‘n boom bestyg het en dan alles daar bo los. Net voor hulle die grond tref, vang hulle ‘n takkie, en dan swaai hulle soos ‘n wafferse Tarzan rond. Dit bollemakiesie en haal allerhande toertjies uit….. te skatlik. En die kameras rol om hierdie onvergeetlike vertoning op videoband te verewig.

Oom Abie het ook baie jare terug gedink hulle is so skatlik. Dit was in die jare toe bobbejaantroppe nog vryelik in die berge rondgeklouter het by Waterval Boven. Hy en ‘n paar jongmense, onder andere my moedertjie, het in die berge gaan stap in die omgewing van Elandskrans. Toe hulle sien toe sit daar ‘n klein bobbejaantjie stoksiel

alleen op ‘n klip. Oom Abie loop versigtig na die diertjie toe en tel hom op. En net daar begin die moeilikheid: Die ou klein bondeltjie skatlikheid begin ‘n keel opsit, en hy skreeu. Hy skree dat die kranse antwoord gee, en hoe meer Oom Abie probeer troos hoe harder skree die dierasie. Die volgende oomblik is dit asof die berge lewe kry, want agter elke klip peul ‘n groot bobbejaan uit, en hulle lyk nou nie juis baie gelukkig nie. En die dinge wat hulle sê klink nou nie juis te vriendelik nie. Die jongklomp skrik hulle skoon in ‘n ander geloof in, en hulle begin hardloop, want hulle kan sommer sien dat hierdie menere (en mevroue) bedoel wat hulle sê. Maar hoe vinniger hulle hardloop, hoe harder skree die kleintjie, en hoe dreigender blaf die bobbejane met hulle slagtande wat langer is as ‘n luiperd s’n. “Los die bobbejaantjie Abie! Sit hom neer!” skree iemand, maar Oom Abie is so besig om van die gevaar af weg te hardloop, dat hy nie in staat is om die skreebalie te los nie. Dit was al amper te laat, en die klomp het al gesien

hoedat hulle verskeur word deur ‘n woedende trop bobbejane, toe Oom Abie die bobbejaantjie neersit. Eers toé begin die bobbejane bedaar.

Hoe dikwels het ek al gesien hoedat toeriste in die wildtuin vir die bobbejane piesangs en allerhande lekkernye voer. En by etlike geleenthede het ek ook gesien hoe iemand tweedebeste daarvan afkom wanneer daardie skatlike bobbejaantjie by die motor se venster inspring en amok maak. My eie boshuisie het al by ‘n paar geleenthede deurgeloop onder plundertogte van daardie “skatlike” narre van die veld.

Paulus skryf van valse profete wat sy arbeid ondermyn. ‘n Vals profeet is nes ‘n bobbejaan (nee Paulus het dit nie so reguit geskryf nie!). Hulle (die bobbejane) doen hulleself so vroom en skatlik en oulik voor, maar hulle ogies sit gans te naby aan mekaar! So is dit met vals profete: hulle doen hulleself so vroom en onskuldig voor, maar as jy gaan delf in hulle teologie, dan is dinge

baie vrot daar binne. Vat nou maar die mense wat geeste oproep: hulle probeer uit die Bybel hulle optrede regverdig, en dan word daar met mooi praatjies die Naam van die Here ingesleep, en vir jou vertel dat hulle bonatuurlike krag van God af kom. Baie mense val daarvoor, en word onskuldig ingesleep by hierdie duiwelse praktyke, veral wanneer hulle emosioneel opgesweep word oor die “teenwoordigheid” van ‘n afgestorwe geliefde. Die New Age beweging is ‘n ander gevaarlike kalant met ‘n mooi suikerlagie oor. New Age is eintlik ’n versamelnaam vir allerlei bewegings wat ’n gemeenskaplike visie vir ’n nuwe samelewing het en vir hulle betrokkenheid daarby. Sommige groepe staan in noue verband met mekaar, ander gaan meer selfstandig te werk. Daar is dus nog nie sprake van een sentrale, wêreldomvattende organisasie nie. Al hierdie bewegings is dit wel op sekere punte met mekaar eens. Daarom soek sommige nouer aansluiting by mekaar en stel as uiteindelike ideaal die daarstelling van een sentrale

wêreldgemeenskap (global village) met een gemeenskaplike wêreldgodsdiens en een wêreldregering. (Suid Afrika, land van baie godsdienste - Piet Meiring). Alles baie mooi, maar totaal teen dit wat die Woord ons leer. Die Jehova Getuies is ‘n ander groep wat baie mooi broodjies bak. Kyk maar hoe hard werk hulle, en hoe voorbeeldig is hulle. Met mooi praatjies en Bybelstudie oorreed hulle jou maklik om hulle lering te aanvaar. Maar binne is dit korrup, want hulle verwerp Jesus as God, en hulle verwerp die Heilige Gees as God. Maar dit hoor jy eers, baie slinks, as jy klaar in hulle net vasgevang is.

Ek raak hier skaars die puntjie van die ysberg aan. Daar is soveel vals profete (en vals godsdienste) as wat daar Christene in die wêreld is. Bid die Heilige Gees om jou te lei in die waarheid, sodat jy die enigste ware godsdiens kan aanhang: aanbidding van die Drie-Enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, en dat jy die wysheid van onderskeiding sal kry sodat jy die valse

profeet sal herken.

# 8 Vuil kom van Binne

## Markus 7:14-23

Varke het nog altyd my verbeelding aangegryp. As jong seuntjie het ek op Oupa Johnny se plasie gebly, net buite die skilderagtige dorpie Waterval Boven. Dit was nou nie juis ‘n boerdery om oor huistoe te skryf nie, maar Oupa het gesorg dat daar op die plasie genoeg is sodat ons baie gemaklik kon lewe. Buiten nou vir die vrugtebome en groentetuin wat ‘n groot verskeidenheid in oorvloed opgelewer het, was daar hoenders en ‘n paar Jersey koeitjies wat die heerlikste ryk melk en botter gegee het, en dan natuurlik die varke. Hulle moes op hok gehou word, want ‘n vark wat rondloop is moeilikheid! Maar snaaks genoeg, was die varke se hok alewig vuil. Daar was altyd modder êrens, en hulle kosbakke het geruik na ‘n brouery. As die kos ingegooi word - afgeroomde melk en vrot groente - dan het die spul varke pens en pootjies binne in hulle kos gaan sit en eet. Sies! En hulle het

letterlik alles wat jy voor hulle neersmyt verorber, maak nie saak hoe vrot of vuil dit is nie.

So elke nou en dan het ons een van daardie varke geslag. Dit was vir my groot lekkerte om voor skool die vark te skiet met ‘n punt-twee-twee, reg tussen die oë, en dan begin die groot skoonmaak. ‘n Goiingsak word oor die vark gedrapeer, en dan word ‘n groot pot kookwater bietjies-vir-bietjies op die ding uitgegooi, en elke haartjie netjies met lepels afgekrap totdat die vark silwerskoon en gladder as ‘n meisie se bene na ‘n besoek aan die ontharings salon is. Teen die tyd dat ek moet skooltoe is die vark klaar netjies opgesny en hang hy in die koelkamer.

Daardie aand eet ons ‘n heerlike gebakte varkboud wat heeldag lank in Ouma se koolstoof se oond gekuier het, saam met vars groente uit ons eie groentetuin. Terloops, die groente is gekweek sonder ’n krieseltjie kunsmis - slegs beesmis is gebruik vir bemesting! Ai, hoe water ‘n man se mond

darem nou!

Nou is my vraag: hoe is dit moontlik dat dierasies met sulke vieslike maniere (veral afstootlike eetgewoontes) dan so lekker kan smaak? En dan nog die groente gekweek in vuil beesmis - dat ons dit so smaaklik kon verorber……. Wys jou net!

Dan begin ‘n mens verstaan wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het dat dit nie die goed is wat jy eet wat jou onrein maak nie, maar dit wat uit jou uitkom. Kom ons noem ‘n voorbeeld: die dinge wat die ….Polisiekarre kwytgeraak het, het hulle die gramskap van die Christenwêreld op die hals gehaal. Dít wat hulle sê en sing, het gewys hoe hulle innerlike lyk. Hulle het God gevloek, en toe hulle daarmee gekonfronteer word, kom dit uit dat hulle totaal ongelowig is. Hulle het die “blaps” probeer regstel deur om verskoning te vra, maar dit is ’n hol verskoning want dit het steeds niks reggemaak nie. Die probleem is dat daar geen hartsverandering gekom het nie. Hulle sonde is nie dat hulle ons as

Christene omgekrap het nie, maar dat hulle nie plek het vir God in hulle lewens nie.

Ons wil iemand op sy uiterlike takseer - op die klere wat hy dra of die vuurwa wat hy ry of die paleis waar hy bly. Maar dit gaan verder: ons beoordeel dikwels ook die persoon op die dinge wat hy sê of die manier wat hy dit sê en doen. Alhoewel dit iets sê van die persoon, kan ons steeds nie daarvolgens oordeel nie, want ons het die afgelope ruk so dikwels met skok in die nuus gehoor van gerespekteerde mense wie se innerlike wese skielik oopgevlek is, en dat dit dikwels baie vrot binne is. Alhoewel dít wat in jou hart is gewoonlik bepaal wat jy gaan doen, is dit ook nie altyd waar nie, en dikwels is ‘n mens se binneste ‘n saak waarvan God alleen weet.

Ons het ons oordeel gevel oor die Polisiekarre, maar ons bly tjoepstil teenoor die mense waarmee ons saamwerk wat in presies dieselfde bootjie is, of dalk nog erger. Wat van daardie aangename Hindoe meisie

wat in jou ontvangslokaal werk - sy aanbid openlik afgode! Sy is deurmekaar met die duiwel se dinge! Is dit nie dalk nog erger as die Polisiekarre nie? En wat van gesellige Sannie - altyd ‘n sport - op haar tafel lê die tydskrif oopgeblaai by die “sterre”. Sy volg hulle riglyne vir haar lewe slaafs na! Dit is niks anders as duiwelswerke nie! Maar sy is so gaaf - hoe kan ons haar dan veroordeel?

Die oordeel kom ons nie toe nie, maar dit is my en jou as Christene se plig om die evangelie aan daardie mense te verkondig op ‘n subtiele manier, en in hulle die behoefte wakker maak om Jesus as enigste Verlosser te wil volg.

Gebed:

Here, vergewe my waar ek so dikwels oordeel oor mense sonder dat ek weet wat die agtergrond is. Ek bely dan ook dat ek nie durf oordeel nie, ant ek is self sondig.

# 9 Jesus se Onderrig

## Markus 9:38-50

Toe ek op skool was in Waterval Boven, vertel my pêlle my eendag baie smaakvol hoedat hulle die “Apostolies” so lekker op loop gejaag het. Wie die “Apostolies” was, weet ek tot vandag toe nie, maar hulle was die “ander kerk”. Hulle was anders as ons stywenek, stemmige, manelpak Gatjieponders (dis nou ‘n ander naam vir die NG Kerk ouens). Miskien was hulle van die AGS Kerk - ek weet nie - almal wat anders as ons was, was “Apostolies”. Die groot verskil was dat hulle hande geklap het en vrolik gesing het in die kerk, en dat hulle gebid het vir die vervulling met die Heilige Gees. Sulke dinge het (volgens ons waardes) gegrens aan die heidendom! My onhebbelike maters het ‘n speenvarkie in die hande gekry, en tydens ‘n erediens, toe die arme mense hard aan die bid was, die varkie die kerk ingestuur. Nodeloos om te sê, was daar chaos, en ‘n klomp bitter kwaad lidmate.

Dit was vir ons die grap van die jaar, maar as ek vandag terugdink daaroor, dan voel ek bitter skaam dat ek saamgelag het oor hierdie wrede insident. Daardie mense was doodgewone Christene wat Jesus liefgehad het, dalk baie meër as wat ek Hom liefgehad het, en ons het hulle afgeskryf. Etlike jare later, as jong man wat baie aktief in die kerk was, het ek almal buite die streng gereformeerde bestel gesien as “sektes”. Die Here het my ‘n lang pad laat loop om te sien dat daar baie verskillede maniere is om God te aanbid.

Ons het gister gesien dat Jesus Sy dissipels eenkant geneem het en begin het om hulle te onderrig. In vandag se Skrifgedeelte gaan Hy voort daarmee. Ons lees dat die dissipels ontsteld was omdat daar ‘n ander persoon was wat die Naam van Jesus gebruik het om bose geeste uit te dryf. Hoe durf hy - hulle groepie het dan die alleen-outeursreg op Jesus se Naam?

Dan leer Jesus vir hulle ‘n baie belangrike les

oor verdraagsaamheid teenoor ander gelowiges. Hulle is dalk nie van ons groep of ons kerk nie, en hulle doen dalk dinge totaal anders as ons, maar hulle dien ook vir Jesus, en dit is al wat werklik saakmaak. Ons het van tyd tot tyd interkerklike dienste in Ballito, waar al die verskillende kerke saamkom, en elke predikant of pastoor ‘n sekere taak het. Sy taak word uitgevoer in die styl waarin hulle gemeente aanbid. Die eerste keer toe dit gebeur het, was vir my nogal ‘n traumatiese ervaring, want sommige van die kerke se aanbiddingstyl verskil radikaal van ons s’n, maar aan die einde van die dag kon ons terugkyk na ‘n uiters geseënde byeenkoms, waar Jesus deurgaans die hoogtepunt was.

Maar Jesus leer die dissipels ook ‘n paar ander waarhede:

Jy moet sorg vir die geringstes. Jesus sê dat jy baie versigtig moet wees dat jy nie dalk die oorsaak is dat een van die “kleintjies”, die swakkes in geloof, sonde doen en so afvallig

word nie. As jy so iemand se val veroorsaak is dit beter om met ‘n klip om jou nek in die see gegooi te word!

Dan sê Jesus dat geen opoffering te groot moet wees nie. Die gedeelte oor die hand afkap moet jy nie letterlik verstaan nie - dit beteken dat jy sekere opofferings in jou lewe moet maak. As jou werk byvoorbeeld van jou vereis om oneerlik te wees, is dit beter om te bedank en werkloos te sit as om dinge te doen waarteen jou gewete stry.

In die derde plek sê Jesus dat ons bereid moet wees om te ly. Jy moet bereid wees om swaar te kry vir die evangelie. Om Jesus voluit te volg is nie maklik nie, en jy gaan beslis teenstand kry, maar hierdie swaarkry suiwer jou, soos wat silwer letterlik in die vuur gehou en gesmelt en gebrand moet word om die suiwerste silwer te kry, so moet jy bereid wees om gelouter te word om nader aan God te kan leef.

In die laaste plek sê Jesus dat ons moet

streef na vrede. Hy vergelyk ons met sout. Sout is so ‘n belangrike deel van ‘n mens se lewe - daarsonder is jou kos smaakloos. Maar sout word ook gebruik om dinge te preserveer of bewaar. Dink maar hoe lyk ‘n swembad nadat hy vir ‘n maand of twee nie chloor gekry het nie - chloor is maar net sout wat afgebreek is in sy elemente. So is ons as Christene die sout van hierdie wêreld, en is ons die vredemakers.

Gebed:

Here, leer my asseblief om verdraagsaam te wees teenoor ander gelowiges wat die op dieselfde manier as ek aanbid nie. Leer my om te verstaan dat daar ‘n verskeidenheid is.

# 10 Die Ou Spookhuis

## Matteus 12:43-45

Op die plaas waar ek grootgeword het, naby Waterval Boven, was daar die pragtige ou plaashuis wat vir my soveel mooi herinneringe inhou. Maar daar was ook ‘n tweede huis. Die huis is mooi reg gemaak, en Ouma het daar ingetrek. Sy het egter nie lank daar gebly nie, toe besluit sy om na Pietersburg te verhuis. Die huis is ontruim en skoongemaak, maar toe staan dit leeg. Weldra het die plaaswerkers dit begin gebruik as ‘n werkplek, en om die wasgoed te stryk. Die ou koolstoof in die kombuisie se skoorsteen het afgebreek, maar niemand het dit herstel nie, en elke keer as iemand die stoof brandmaak, word die hele huis gevul met rook. Uiteindelik het die plafon en mure pikswart geword van al die rook. Van die vensters het gebreek, maar omdat die huis nie bewoon is nie, is dit nooit herstel nie. Dit was nie lank nie, of die huis was ‘n totale bouval. Ja, die mure en dak was nog stewig,

maar die huis was in ‘n nare toestand. As jy daar instap was dit asof ‘n donkerte jou omhul, en jy voel sommer hoe druk die swart mure jou van alkante af. Daar was nie meubels in nie, maar daar was baie inwoners - daar was altyd ‘n geskarrel van goggas en rotte, en die plek was besmet met vlooie en weerluise. Die plaaswerkers het selfs geglo dat daar ‘n spook gebly het. Ek het die situasie uitgebuit, en kinders wat daar kom kuier het bang gepraat oor daardie grillerige plek

Uiteindelik is die plaas verkoop. Baie jare later lê ek weer besoek af op die plaas - dit is nou ‘n gastehuis. Daar is toe ook ‘n mooi einde aan die verhaal, want die eienaar het die ou “spookhuis” pragtig opgeknap en dit word bewoon. Waar daar eens swart gate vir vensters was, hang daar nou vrolike gordyntjies. Die eens-dooie huis het skielik lewe gekry. Dit moes seker baie harde werk en skrop en ontsmet gekos het om daardie ou plek weer leefbaar te kry, maar alles was

deur en deur die moeite werd.

In Mat. 12:43-45 is Jesus steeds met die Fariseërs besig. Hulle het Hom vroeër gekonfronteer met die uitdryf van bose geeste, en nou vat Hy hulle aan op hulle eie terrein: hulle het ook die uitdryf van bose geeste bedryf, maar wanneer die persoon verlos was, is hy net daar gelos om maar self verder op te snork. Gewoonlik kon die arme man nie alleen die mas opkom nie, en kort voor lank is hy maar weer terug waar hy was. Jesus sê vir hulle dat as jy so ‘n onrein gees uitdryf, dan soek daardie gees blyplek, en as hy terugkom en sy vorige blyplek leeg kry, dan trek hy weer daar in, en hy bring sy maatjies saam. Vandag sien ons dit dikwels met mense wat aan dwelms verslaaf is. Baie maal gaan so ‘n persoon vir rehabilitasie, maar ‘n paar maande later is hy terug, en dikwels baie erger.

Weet jy, mense is dikwels ook soos huise. ’n Sekere persoon se lewenshuis het ‘n baie prominente inwoner - die duiwel. Op ‘n dag

kom ‘n Christen by hom aan, en verduidelik aan hom dat die duiwel sy lewe oorheers, en dat hy van hom moet ontslae raak. Die man skrik hom dood, en begin ‘n mooi, skoon lewe - gaan selfs kerk toe. Maar stadigaan begin hy weer terugsak in die ou lewe, en uiteindelik sit hy in ‘n baie groter gemors as wat hy was.

Waarom gebeur dit? Volle oorgawe aan Jesus is dikwels ‘n lang proses. Soos ‘n baba nie eensklaps groot word nie, so groei ‘n mens ook geestelik geleidelik. Soos ‘n baba eers melk kry en later vaste kos, so moet ‘n nuwe Christen gevoed word, eers met sagte kos en later die koubare goed. Om aan iemand die evangelieboodskap te verkondig, en hom dan net so te los om self die mas op te kom, is wreed. Die persoon moet gehelp en gelei word tot geestelike volwassenheid, anders kan hy dalk uiteindelik in vertwyfeling verval en geestelik doodgaan van die honger. Die taak van die kerk is natuurlik dan ook om toe te sien dat sy lidmate geestelike kos kry

en bly groei. Hoe doen hy dit? Sondae se eredienste is maar net die begin. Dit is die plig van lidmate om na mekaar om te sien: Diegene wat geestelik al sterk is moet die “swakker” lidmate aan die hand neem en lei na volle wasdom. Dit is daarom ook uiters noodsaaklik dat daar gedurig opleidingskursusse in ‘n gemeente moet wees - huwelikseminare, gebedsopleiding, evangelisasie-kursusse ens.

Vir die lidmaat wat in totale verlorenheid verval het, is daar natuurlik hoop. Dit is egter jou en my plig om daardie persoon te gaan opsoek en sy lewe op te hef sodat sy lewenshuis weereens mooi kan wees, en bewoon deur die Heilige Gees. Daar is natuurlik ‘n bonus by, want wanneer jy sulke “opheffingswerk” doen, word jy self geestelik versterk, en groei jy nog verder in jou geloof - word jou eie lewenshuis verfraai.



***Die ou "Spookhuis" soos hy vandag daar uitsien.***

# 11 Lig en Duister

## Johannes 8:12-20

Die ou “spookhuis” waarvan ek in die vorige storie vertel het, het ‘n entjie van ons plaashuis gestaan, ‘n ou dubbelverdiepinghuisie wat heeltemal in onbruik geraak het. Die vensters is om die een of ander rede verwyder, en al wat oorgebly het was die leë dop. Daar was ‘n koolstoof in die kombuis, en die plaaswerkers het dikwels daarin vuurgemaak om ysters warm te maak vir strykwerk. Die skoorsteen het egter vreeslik gelek, gevolglik was die hele huis deurtrek van rook. Na etlike jare het die mure binne pikswart geword, en aan die plek ‘n doodse voorkoms gegee. Selfs in die middel van die dag was dit donker in die huis. Die plaaswerkers het my vertel dat hulle daar ‘n “spook” gesien het - glo ‘n afkopman wat op ‘n perd ry of iets. Ek het hulle nou nie juis geglo nie, maar snags was ek maar baie kriewelrig om in daardie ou spookhuis se omgewing te kom.

Op ‘n mooi dag kom die familie van Belfast vir ons kuier, en natuurlik ook my twee niggies, Wilma en Mari. Ek het my plannetjies al agtermekaar gehad nog lank voor hulle aankoms: van koerantpapier maak ek ‘n “spook”, en met ‘n katrolstelsel sou hierdie gevaarte in die lug inrys as ek aan ‘n lyntjie trek. Ons het daardie dag ‘n hond uit ‘n bos uit gespeel, maar van die ou spookhuis het ek gesorg dat ons wegbly, tot die aand toe dit al sterk skemer was. Met groot omvang van woorde vertel ek hulle van die afkop spook wat op volmaan aande op sy perd rondry, en natuurlik is sy setel daardie ou spookhuis. Mari is nie be-indruk nie. Pa Piet Botha, die skoolhoof op Belfast, het haar geleer dat daar nie sulke goed soos spoke bestaan nie. “Nou kom ek gaan wys julle!” sê ek baie braaf, en daar suiker ons in die donker na die ou huis toe. Die plek lyk verskriklik grillerig, en so in die halfdonker loer ons by die oop gate van vensters in. Ongemerk trek ek die toutjie, en daar verrys die verskriklike wit gedaante. Die twee

niggies het net een verskriklike gil gegee, en nie gestop voordat hulle langs Pa Piet staan nie. In die helder lig wat die ou Aladdan paraffienlamp gegee het, is al hulle vrees verdryf, en buite daardie ligkring het hulle dit die res van die aand nie gewaag nie. Natuurlik het ek hulle nooit reggehelp nie, en ek wonder of hulle nie dalk vandag nog glo dat hulle daardie aand ‘n spook gesien het nie!

Donkerwerk is Konkelwerk! Lig darenteen was ’n algemene godsdienstige beeld in daardie tyd om die goeie in kontras met die slegte aan te dui. In die antieke tyd was die mense afhanklik van natuurlike lig of klein lampies. As dit begin donker word, was die ligkolle van die lampies die plekke waar mense sinvol besig kon wees. In die duisternis is daar geknoei. Dieselfde geld vir die daglig. Terwyl dit dag is, kan ’n mens in die lig nog sinvol besig wees. As die nag kom, hou sinvolle werk op. Hierdie beeld lê naby die gedagte van blindheid. Om in die

donker te wees en om blind te wees, kom eintlik op dieselfde neer. Daarom kry ons in hoofstuk 9 die verhaal van die blinde man.

As Jesus hier sê dat Hy die lig vir die wêreld is, is dit eintlik ’n uitspraak oor die sinvolheid van die lewe. Waar Hy is, kan ware en positiewe optrede tot eer van God plaasvind. Wie Jesus nie volg nie, leef in die duisternis. Net soos wat ‘n inbreker verkies om ‘n huis te beroof in die dekking van die donker, so is ‘n mens se negatiewe optrede ook in duister gehul. Selfs in die natuur sien jy dit: bedags lê leeus en slaap, maar as dit donker word kry hulle lewe, en onder dekking van die duisternis bekruip hulle enige ongelukkige slagoffer wat op hulle pad kom. Die meeste ander roofdiere volg dieselfde metode, en jy sal met my saamstem dat ‘n hiëna in die nag ‘n skrikwekkende ding is. Dit is dan ook g’n wonder nie dat ‘n mens maar baie kriewelrig sit langs ‘n vuurtjie in die Bos, en kort-kort met ‘n flitslig in die donker agter jou skyn om seker te maak dat daar nie dalk ‘n

kriepiekrôlie jou van agter bekruip nie! Wonderlik, hoe lig daardie onsekerheid en vrees kan verdryf!

As jy Jesus in jou lewe het, dan het jy Lig in jou lewe. Dan word die duister dinge uitgedryf. Dit hang egter van jouself af in hoe ‘n mate jy toelaat dat Jesus se lig in jou skyn. ’n Mens se lewe is soos ‘n huis met baie vertrekke. Jy kan Jesus se lig toelaat in jou “sitkamer” waar mense jou kan sien. Maar as jy die “slaapkamer” en “toilet” se deure toehou vir Hom, dan bly daardie vertrekke in jou lewe donker. Maak al die deure in jou lewe wawyd oop sodat Jesus se Lig jou hele lewe kan verlig.

Gebed:

Here, vandag wil ek dit uitbasuin, dat U die Lig is vir die wêreld. Ek loof en prys U daarvoor.

## 12 Goud

## 1 Petrus 1:3-9

Goud is ‘n wonderlike ding! Ek was maar ‘n jong seun toe ek in groot bewondering by die Randse Paasskou onder in ‘n “myn” sit en kyk het hoe hulle goud in ’n vuuroond, wat so warm is dat jy nie daarin durf kyk nie, smelt en in die gietvorms gooi, en daarna weer in ’n suurbad suiwer - ‘n asemrowende gesig vir enige seun.

Goud het ‘n groot rol in my kinderlewe gespeel, alhoewel ons nooit sulke goed besit het nie. Sien, ek het grootgeword in die kookpunt van die fabelagtige Krugermiljoene. Die laaste hoofsetel van ou President Paul Kruger was skaars ‘n paar kilometer van Oupa se plasie, en oral rondom ons, in al die koppies en klowe, was daar tekens van mense wat gesoek het vir plekke waar die oubaas sy miljoene kon versteek het. Kort-kort het jy stories gehoor van iemand wat in ‘n droom gesien het waar die skatte begrawe

is, en ‘n ou oom van my (‘n bietjie koekoes!) het selfs vertel dat hy ‘n spook raakgeloop het wat haarfyn vir hom verduidelik het waar die goud lê. Ongelukkig het die “spook” ‘n bietjie deurmekaar geraak en vir hom verkeerde inligting gegee.

Oupa het self ook gegrawe vir goud (nou nie Oom Paul s’n nie), maar die myntjie het te min opgelewer om dit winsgewend te maak. Nie so baie vêr van ons af nie is daar natuurlik ryk goudneerslae ontdek - Pelgrimsrus en Barberton - en die gevolg was dat duisende fortuinsoekers daarheen gestroom het in ‘n reuse goudstormloop, en bereid was om alles op te offer - selfs hulle lewe - om van daardie geel metaal in die hande te kry. Talle mense was bereid om enigiemand wat in hulle pad staan om goud in die hande te kry, te vermoor.

Wat maak goud dan so gesog? In die eerste plek is dit omdat dit so skaars is en moeilik om te delf. Maar die eintlike waarde lê in die onverganklikheid daarvan. Yster roes en

selfs die mees gesogte houtsoorte vrot of word deur rysmiere opgevreet. Selfs koper verloor baie gou sy glans en word groen. Maar goud? Dit is nie verniet ‘n edelmetaal nie. En nou kom Petrus en hy sê dat ons geloof baie kosbaarder is as daardie gesogte geel skittermetaal. Wat ‘n wonderlike vergelyking!

Net soos goud, is ons geloof nie goedkoop nie. Jesus het baie duur daarvoor betaal - Hy het met sy lewe daarvoor geboet, en ‘n verskriklike marteldood gesterf aan die kruis. Ook vir jou is dit nie goedkoop nie - ja, natuurlik kry jy dit gratis, vry en verniet van God, maar die prys wat jy betaal is dat die duiwel dit gedurig van jou wil roof. As jy dus eenmaal daardie kosbare geskenk van God gekry het, dan kan jy nie maar net gaan terugsit en dit bewonder nie. Dit vra van jou harde werk om daardie geloof te vertroetel, op te pas, te koester en met ander te deel.

‘n Meisie met ‘n splinternuwe verloofring trek mos nie handskoene aan sodat niemand

daardie ring moet sien nie - nee, sy loop met haar hand só in die lug dat elkeen dit moet raaksien. Sy adverteer as’t ware die liefde wat haar bruidegom vir haar het aan die wêreld. Net so is dit met die goud van jou geloof: jy steek dit nie weg nie, maar adverteer dit aan elkeen wat jy teëkom. Daardie meisie met die skitterende ring loop baie beslis ook nie met ‘n lang, droewige gesig rond nie: sy straal van opgewondenheid, en jy kan die liefde en blydskap op haar gesig lees. Net so moet die skittergoud van geloof jou as gelowige ook opgewonde maak - so opgewonde dat jou gesig straal daarvan, en elkeen wat met jou te doene kry die stralende liefde en blydskap in jou oë kan lees.

Om skitterende goud te verkry, word die goud-erts gebreek, gemaal en met vuur en bytende suur gesuiwer. Net so is geloof wat in sy erts-vorm is, nutteloos. Dit moet met harde werk gevorm en gesuiwer word. Dit is ‘n harde pad wat van jou baie

deursettingsvermoë, teleurstellings en bloedsweet vra. Moenie moedeloos raak wanneer diskriminasie en vervolging op jou geloofspad kom nie, want dit is alles deel van die louteringsproses om jou geloof sterk te maak en dit te suiwer.

Daar is nie so ’n ding soos ’n “kitsgeloof”, waar alles net in plek val en jy eensklaps ’n skitterende Christen is nie - in ’n goudmyn kry jy dikwels klatergoud (in Engels Fools Gold), wat pragtig geel en blink is en nes die ware Jakob lyk. Dit is waardeloos! Dit verg harde werk om jou geloof te bou, maar die eindproduk is skitterend, ewig en onverganklik.

Daar is egter een ding wat jy nooit mag vergeet nie, en dit is dat jy in hierdie geloof nooit vir jouself die eer mag toe-eien nie, want alles, alles is genade. Petrus het hierdie gedeelte so treffend begin met die woorde: “Aan God, die Vader van onse Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe

(letterlik die wedergeboorte) geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood."

Gebed:

Dankie Here, dankie vir my geloof. Gee my asseblief die krag en ywer om dit volmaak en aanneemlik vir U te maak.

# 13 In Sy Voetspore

## 1 Petrus 2:18-25

Dis vieruur in die middag, en die skadu's word lank agter die hoë koppies wat ons plaas omring. Elandskrans gloei roesrooi in die laatmiddagson - die beroemde Elandskrans van Waterval Boven. Dick, die Kolliehond raak onrustig: dit het tyd geword! Van die stoep af sien ek vir Blommetjie, my Jerseykoei in diep bepeinsing onder by die dam wei. Nog verder, amper by die rivier staan nog ‘n paar koeie in die sappige gras, getrou gevolg deur ‘n vyftal “melkkannetjies” (dis nou die wit veereiers). ‘n Rustige prentjie. Maar dit begin laat word, en die beeste moet in die kraal kom vir die nag.

Skielik spring Dick op en begin veld-in draf tot dáár onder by die rivier. In die verte hoor ek hoe hy vir die beeste blaf en hulle grensloos irriteer. ‘n Koei vererg haar bloediglik vir hierdie brak, en jaag hom. Dick hardloop in die huis se rigting en die hele

trop beeste sit hom agterna, terwyl jy net melkkannetjies uitmekaar sien spat. Blommetjie, wreed versteur in haar diep bepeinsing by die dam, besluit dat hierdie vet pret kan wees, en sy piekel al bulkend agterna. Al blaffende hardloop Dick uitgelate wye draaie soos ‘n wafferse fluitspeler, en die beeste streep in sy voetspore agter hom aan, reguit na die beeskraal toe waar die plaaswerkers geduldig al staan en wag. Eers as hy in die kraal is, en al die beeste veilig binne, kom hy uitasem terug huistoe, tevrede met sy dag se werk.

Het jy al ooit in iemand se voetspore geloop? Ek onthou dit nog soos gister: ek was klein, en my pa groot en baie lank. Ons het kaalvoet deur die veld gestap, en daar was dorings. Pa het voel-voel voorgeloop en ek moes trap in sy voetspore, want enige dorings wat dáár was het hy reeds gekry. Nee, dit was nie maklik nie, want sy treë was gróót, en my ou beentjies bitter kórt. Maar ek het gerek, en elke keer in sy spore getrap, al

moes ek soms spring om by te kom.

Petrus sê dat ons ook so in Jesus se voetspore moet loop - nie die maklikste ding op aarde nie, want dikwels is die voetspore wat Jesus getrap het besaai met dorings. Een so ‘n voorbeeld wat Petrus noem is jou verhouding met jou werkgewer. Gister het ons gesien hoe jy moet optree teenoor die owerhede wat oor jou aangestel is, en dikwels kan dit bitter swaar wees om steeds respek en eer te gee aan mense wat so ooglopend verkeerd is.

Maar ‘n werkgewer kan dikwels ook maar so skuins dwars wees. Die eerste lesers van Petrus se brief, sal jy seker onthou, was uitlanders sonder regte. Hulle was uitgelewer aan dikwels bitter onredelike werkgewers wat hulle behandel het soos die skuim van die aarde. Gewoonlik het hierdie werkgewer ook hulle blyplek verskaf, dus kon hulle nie maar net hulle goedjies vat en loop nie, want dan is dit ook koebaai vir hulle blyplek. My dogter het ‘n paar jaar gelede self ook so ‘n

ondervinding gehad, toe sy vir ‘n jaar of drie in Israel gaan werk het. Die Jode het haar soos vuilgoed behandel, en sy moes dit maar opvreet, want sy was die een wat verleë was.

Hoe tree jy op teenoor so ‘n onredelike baas?

Petrus sê: “…. onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.” (1 Pet. 2:18). Om jou beste te gee vir ‘n goeie baas, is maklik. As hy ‘n buffel is, dan begin dit half moeilik raak - dit gaan dwars teen jou natuurlike aard in. As jy onnodig uitgeskel word, dan is jou eerste reaksie om op jou agtervoete te staan en hom te laat verstaan dat jy nie met jou laat mors nie. Iemand wat egter ten spyte van sulke aanslae steeds vriendelik bly en steeds jou beste lewer, doen iets baie verdienstelik voor God.

Jesus word as voorbeeld genoem, want as jy in Sy voetspore volg, dan kan jy nie verkeerd

loop nie. Die eerste voetspoor wat Petrus noem is dat Christus nooit ‘n leuen vertel het om uit die moeilikheid te kom nie (vers 22). ‘n Leuen mag dalk jou werkgewer tevrede stel, maar hoe leef jy daarmee saam?

Die tweede voetspoor wat Petrus noem is dat Jesus nie die mense wat Hom beledig het terug gekry het met beledigings nie (vers 23a). Hy het nie na hulle vlak afgedaal nie, maar bloot stil gebly. Deur slegs ‘n belediging te ignoreer kan jy dikwels ‘n plofbare situasie ontlont.

Die derde voetspoor is dat Hy nie sy vyande gedreig het nie, al was Hy in staat daartoe om hulle te verswelg met een enkele bevel. Om jou baas te dreig met die hof, mag dalk werk, maar is dit reg?

Die vierde voetspoor is dat Hy aan God die oordeel oorgelaat het. ‘n Mens soek gewoonlik vergelding, maar laat dit liewer aan God oor.

Moet ‘n mens nou maar toelaat dat ‘n baas net op jou trap? Nee, ek dink nie dit is wat God se bedoeling ooit was nie, want as werker word jy beskerm deur die wet. Die vraag wat jy egter vir jouself moet afvra is: Wat sou Jesus in hierdie situasie gedoen het?

Gebed:

Here, ek wil so graag in U voetspore loop - gee my asseblief die krag daartoe.

# 14 Spoke en Goeters

# 1 Petrus 3:18-22

Grootoog vertel die plaaswerker op Oupa John se plaas by Waterval Boven vir my van die afkop-man wat snags hier rondsluip. Die sweet begin sommer klaar op sy voorkop uitslaan by die blote gedagte daaraan. “Hy ry op ‘n perd”, die arme man het verskriklike ontsag vir hierdie vreesaanjaende wese, “en dan klap hy sy sweep lat jy net sien vonke spat!” Ek sien sommer hoe krimp hy inmekaar van vrees. “En dan verdwyn hy sommer net so!” Hierdie spook moes ‘n geweldige indruk gemaak het - hy het die arme man skoon die papperellekoors gegee. “En jy het hom sélf, persoonlik, met jou eie twee oë gesien?” Ek is vol verwondering. “Nee, nog nooit!” Hy is skoon verontwaardig. “Ek loop nie in die nag rond waar spoke is nie!” Die arme man is so getraumatiseer by die blote gedagte aan ‘n spook, dat hy die bewerasies kry. Noem jy net iets van die tokkelossie, dan kry hy sommer floutes, want

dáárdie man se naam mag nie eers uitgespreek word nie! Hy is bitter gevaarlik! Nee, hy het ook nog nooit die Tokkelossie gesien nie, maar mens weet nooit - jy kan nie te versigtig wees nie!

Ou Langenhoven was lief daarvoor om spookstories te skryf, en met sy wonderlike skryftalent het hy hulle so oortuigend vertel dat baie mense vas geglo het dat sy stories waar en eg was. Ek het sélf al in my lewe spookstories opgemaak, en dit so oortuigend oorgedra dat my niggies wat op die plaas vir ons kom kuier het, gegil het van angs - en ékke natuurlik gekraai het van lekkerkry!

In 1 Petrus 3:19 kry ons so ‘n ou klein kykie in die angste van die mense van daardie dae. Petrus praat van die “geeste in die gevangenis”. ‘n Mens kan eintlik maar net afleidings maak oor hierdie vreemde sinnetjie wat hy hier skryf. Ons moet onthou dat daar etlike boeke geskryf is in daardie jare wat gedeeltelik fiksie is en gedeeltelik geskiedenis - skrywers doen dit vandag nog,

en dit sorg vir ‘n baie outentieke verhaal. 1 Henog is een so ‘n voorbeeld uit Petrus se tyd, en hierin verwys die skrywer na die “hemelwesens” waarvan in Genesis 6:1,2 geskryf word. Die straf vir hulle verkeerde dade sou wees om êrens in ‘n gevangenis opgesluit te wees. Soos mense vandag vir die mitologiese Tokkelossie het, het die mense tóé ‘n heilige vrees gehad vir dáárdie hemelwesens, want as van hulle dalk per ongeluk ontsnap, dan het die mense moeilikheid - GROOT moeilikheid! Bose wesens, daardie!

Spoke en bose geeste was vir die mense van daardie tyd ‘n groot werklikheid - en ‘n reuse vrees. Ons lees byvoorbeeld in Mat. 14:26, waar Jesus op die see geloop het, hoe groot Jesus se dissipels geskrik het toe hulle Hom daar sien loop. Hulle het gedink dit is ‘n spook wat hulle sien! ‘n Mens kan hulle seker nie kwalik neem daarvoor nie, want wie verwag nou dat enige lewende wese op die see kan rondloop? Die feit bly egter dat selfs

Jesus se intieme leerlinge aan spoke geglo het, en boonop bitter bang was vir hulle!

Petrus kom nou en besweer ons grootste vrese. Jesus Cristus het nie alleen vir ons sondes gely en gesterf nie. Hy het veel meer as dit gedoen. Dikwels dink ons aan Jesus alleen as die Verlosser - die Onskuldige wat die sondes van die skuldiges op Hom gedra het. Ja, natuurlik is dit waar, maar Hy het ook die dood en die hel oorwin. Toe Hy die dag uit die graf opgestaan het, het 'n hele nuwe wêreld vir alle gelowiges oopgegaan. Maar daar is nog veel meer: Hy het nie net die dood oorwin nie, maar ook die bose. Petrus wil nou vir hierdie mense wat so vreesbevange is oor die onbekende - die "geeste in die gevangenis" wat hulle enige oomblik kan verslind - kom sê dat Jesus selfs hierdie "geeste" finaal oorwin het.

Vandag beteken dit dan ook vir my en jou dat Jesus selfs die "spoke" in ons lewe oorwin het. So ook die Tokkelossie en enige ander vorm van boosheid. Ek wil my nie uitlaat oor

die vraag of daar wel sulke goed soos spoke is nie, want dit sal ‘n lang bespreking uitlok waar ‘n mens maar net kan bespiegel. Die feit van die saak is egter dat geen gelowige ooit ‘n vrees hoef te hê vir hierdie bose “wesens” nie, want daar is in die eerste plek geen mag of krag of bose engele of spoke of wat-ookal wat buite die heerskappy van Jesus Christus staan nie. Petrus se hantering van die gelowiges van daardie tyd se vrees vir die “geeste in die gevangenis” wys vir ons hoe ons vandag soortgelyke vrese moet aanpak. In die eerste plek hoef ons nie vir mense te sê dat die Tokkelossie of spoke nie bestaan nie. Om die waarheid te sê is bose magte en demone en al daardie skrikwekkende gedrogte ’n groot werklikheid wat niemand sommer kan wegpraat nie. Is spoke nie dalk ook ’n werklik nie? Ek sal nie weet nie! Die feit is egter dat ons nie daarvoor bang hoef te wees nie - ons moet eerder die blye nuus bring dat Christus al hierdie bose dinge oorwin het. Hy is in beheer van alles en almal!

Gebed:

Dankie Here, dat ek rustig kan slaap sonder die vrees van enige bose magte. Al gaan ek ook deur die dal van doodskaduwee - ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my!

# 15 Om op die See te kan Loop

## Markus 6:45-52

Dit was ‘n volle halwe eeu - vyftig jaar- terug in die geskiedenis op ons plaas naby Waterval Boven, toe ek die onmoontlike probeer bemeester het. Ek het al my plannetjies baie mooi uitgewerk, en elke ding is haarfyn beplan. Ek “leen” een van oupa se goiingsakke en sny hom netjies oop met Ouma se skêr (sy was nie baie gelukkig hieroor nie, maar hier was nou baie belangrike dinge om uit te sorteer!). Op twee hoeke word gate ingesny waarin my groottone kan haak, en so bestyg ek triomfantlik die motorhuis se wankelrige sinkdak. Maar nie voordat ek eers vir my ‘n goeie gehoor bymekaargemaak het nie, want sien, ‘n mens behaal nie groot hoogtepunte in die lewe sonder ‘n behóórlike gehoor nie.

Op die dak staan ek triomfantlik en afkyk op die skare van swart gesiggies - my vriende - wat kom kyk het hoe ek die onmoontlike

regkry. Ek kyk grondwaarts. Dis vêr, vrek vêr! Moet ek dit waag? My moed wil my begewe, maar dan sien ek weer die afwagting in die gesiggies van my bewonderaars. Ek knyp my oë toe, sprei my vleuels en…… spring!

Die grond het gans te vinnig nader gekom, en in ‘n stofwolk beland ek op ‘n miserabele hopie. Wonder bo wonder is niks gebreek nie, buiten my ego wat verskriklik stukkend is. Ek leer: vlieg is ‘n Goddelike kuns, beslis nie bedoel vir aardse wesens soos ekke nie!

Stel jou voor: jy en jou vriend gaan hengel op ‘n skiboot by Ballito. Julle ry tot daar waar die land maar net ‘n vae lyn begin word, en daar laat sak julle die lyne. En dan, onverwags begin daar ‘n sterk Noordewindjie opsteek. Voor jy kan sê “Kabeljou” is die golwe berge wat die bootjie wil insluk. Die lyne word haastig ingetrek en julle begin terugvaar land toe. Maar dis nie so maklik nie, want dis reg teen die wind in, en die golwe kom skoon van die verkeerde kant af. Die bootjie beur en dreun, maar dit lyk of julle nêrens kom nie. Jy

raak baie bang as pikswart wolke oor julle begin saamdrom en die sonlig uitdoof. Skielik raak een van jou maters spierwit in die gesig: “Kyk……”, stotter hy dit uit, “kyk!” en daar, te midde van die storm en die woeste golwe kom iemand heel rustig op die water aangeloop asof daar nie ‘n fout in die wêreld is nie. Hy kyk vriendelik in julle rigting, wuif, en stap ewe doodluiters verby.

Ek dink op daardie oomblik sterf ek sewe dode, want watter een van die twee is die ergste - die storm of daardie Iemand wat op die golwe loop?

Dit is presies wat daardie dag in die gedagtes van Jesus se dissipels aangegaan het. Hulle sit in die eerste plek met ‘n dilemma, met ‘n storm wat dreig om hulle ou skuitjie in te sluk …… en dan die kersie op die koek: ‘n Spook! Die arme manne was so bang dat hulle geskerm en geskree het.

En toe, die rustige stem van Jesus: “Wees gerus, dis Ek! Moenie bang wees nie.” Hy

klim saam met hulle in die skuit, en toe gaan lê die wind. Maar die verstommende deel van die verhaal is dat die dissipels nie kon verstaan wat hier gebeur het nie, want hulle het steeds - selfs na die ongelooflike vermeerdering van die brood - nie besef WIE Jesus werklik is nie.

Dit laat my dink aan die NG Dominee wat die Maandagoggend gaan hengel het saam met die Priester en die Pastoor. Toe die priester se hoek in die riete verstrengel raak, stap hy doodluiters oor die water om die hoek te gaan losmaak. Nie lank daarna nie gebeur dieselfde met die Pastoor, en ook hý loop, jy kan maar sê droogvoets oor die rivier ….. en die Dominee val byna van sy stoel af oor die twee se groot geloof. Toe sy hoek aan ‘n klip vashaak, besluit hy: dis nou of nooit. Hy doen ‘n skietgebedjie en stap….. en land pens en pootjies in die rivier. “Ons moes hom gesê het waar die klippe is!” is die Pastoor se droë kommentaar!

Wat Jesus gedoen het, het duidelik Sy

Goddelikheid gedemonstreer. Hoeveel keer moes Hy dit nog doen voordat die dissipels sou verstaan? Hierdie was nie die eerste keer wat Hy ‘n storm stilmaak vir hulle nie, en hoeveel asemrowende wonderwerke moes Hy nog doen voordat hulle sou glo?

Vanoggend praat Jesus ook al vir die soveelste keer met jou en my - by talle geleenthede het Hy al gedemonstreer dat Hy waarlik God is, en die enigste Verlosser! Tóg is daar soveel mense - ja selfs mense wat vanoggend hierdie oordenking lees - wat nog steeds ongelowig staan teenoor Jesus.

Die afgelope week moes ek weer luister hoe dat hoogsgeleerde Teoloë wonder of die geloof in ander “godhede” soos Chrishna en Buddha jou die dalk ook in die hemel kan bring nie.

Jesus sê in Joh. 14:6: “Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.” Hy is die enigste ware God en die enigste Verlosser.

Gebed:

Here, dankie dat U ook die Lig in my lewe is. Help my asseblief om U lig uit te straal sodat almal dit kan sien.



# 16 Vry van die Wet – Vry om te sondig?

## Galasiërs 5:13-15

Baie jare gelede het daar op die pragtige dorpie Waterval Boven ‘n interessante transaksie plaasgevind. Die Suid Afrikaanse Spoorweë het ‘n groot depot op die dorp gehad, en een van die probleme was om genoeg goeie water te kry. Rivierwater was natuurlik nie so goed vir menslike gebruik nie. Maar naby die dorp het ou oom Grobbelaar ‘n sterk fontein op sy plasie gehad, wat hy toe as bron vir die Spoorweë aanbied. Hy wil nie geld daarvoor hê nie, maar vra dat een van sy seuns ‘n werkgeleentheid by die Spoorweë kry. Hulle is tevrede met die reëling, en ‘n kontrak word opgestel waarin hulle bepaal dat daar te alle tye ten minste een van die man se seuns vir die Spoorweë mag werk.

Ongelukkig was sy seuns nou nie juis die soetste en produktiefste klomp nie, en so gebeur dit uiteindelik dat slegs een seun sy

werk behou. Hy was (om dit sagkens te stel) vrek sleg. ‘n Luiaard van die eerste water, en boonop met lang vingers. Hy het die Spoorweë rot en kaal besteel, maar hulle durf hom nie afdank nie. Deur sy pa se kontrak het hy vryheid gekry om die Spoorweë se tyd te mors en te steel, en hy het dit behóórlik gebruik!

In die eerste deel van die Galasiërbrief het Paulus op een gedagte bly hamer: ’n mens kry nie vryspraak vir jou sonde deur die wet te onderhou nie. Die enigste manier om vryspraak te kry, is deur geloof in Jesus Christus. Hy het oor en oor beklemtoon dat gelowiges vry van die wet is. Hulle hoef dus nie meer naarstiglik die wet na te kom in die hoop dat God hulle sal vryspreek nie. Inteendeel, God gee vryspraak as ’n geskenk aan dié wat in Jesus glo.

Maar Paulus het besef dat hy maklik verkeerd verstaan kon word, en dat mense kon dink dat hierdie gedagte ‘n mens ‘n vrykaartjie kan gee om maar te sondig net

soos jy wil, solank jy maar net in Jesus glo.

Inderdaad word die boodskap oor en oor en oor regdeur die Nuwe Testament herhaal, dat jy jou moet weerhou van die sonde. “Moenie julle vryheid misbruik nie”, smeek Paulus hier (vers 13). Dit is so maklik om ‘n mens se vryheid totaal te misbruik, want Jesus het jou mos nou vrygespreek, en ‘n ou bietjie sonde sal mos nou nie so vreeslik saakmaak nie. Die probleem is dat ‘n klein bietjie sonde dikwels lei tot ‘n bietjie meer sonde, totdat daardie sonde uiteindelik ‘n berg word waarvan jy nie kan ontslae raak nie.

Enige sonde sny teen die grein van God se wese in. Hy is heilig, en Hy wil ook hê dat ons heilig moet lewe, of dan ten minste ons bes probeer om so heilig as moontlik te lewe. Sien, dit gaan nie hier om ons saligheid te verdien nie - dit het Hy alreeds vir ons gegee. Dit gaan daaroor dan ons dankbaar is oor wat God vir ons gedoen het. Doen ons sonde, dan is dit eintlik ‘n klap in die gesig van God - die Een wat vir ons die ewige lewe

gegee het.

Die opsomming van God se wil vir ons, is liefde teenoor Hom en terselfdertyd ook liefde teenoor ons medemens. Sonde staan lynreg teenoor hierdie liefdesgebod. Om enigiets te doen wat jou medemens benadeel, is sonde. Om te skinder, maak jy hom bitter seer, en dit is liefdeloos. Om iemand in besigheid uit te buit, is liefdeloos, en natuurlik is dit sonde en lynreg teenoor God se wet. Rusie, twis, verdeeltheid, geldgierigheid, padwoede, haat - al hierdie dinge maak jou medemens seer, en durf nie deel te vorm van ‘n gelowige se lewe nie.

Aan die ander kant is daar natuurlik die liefde teenoor God. Hy wil hê dat jy Hom onvoorwaardelik moet liefhê. Dit beteken dat jy gedurig aan Hom sal dink en met Hom gesels in Gebed. Dit beteken ook dat jy meer en meer van Hom sal wil weet, en dat jy gedurig Sy Woord sal bestudeer om van Hom te leer. Om Hom lief te hê beteken dat jy aktief sal wees in Sy diens - dat jy jou volle

gewig sal ingooi in die werksaamhede van die kerk - dit is immers God se instansie op aarde. Liefde vir God beteken ook dat jy Sy Naam sal eer - kom wat wil.

Om af te wyk van hierdie dinge, is om ons vryheid te misbruik. Kom ons gebruik ons vryheid tot eer van God.

Gebed:

Here, ek het U lief, want U het my eerste liefgehad. Lei my en leer my om waarlik my liefde teenoor U en my naaste uit te leef, en om nie my vryheid te misbruik nie.

# 17 Werp Alles in die Stryd

## 2 Petrus 1:3-15

Waterval Boven was vyftig jaar gelede ’n baie bedrywige Spoorwegsentrum met stoomtreine wat dag en nag rook en stoom en blaas. Slegs ‘n paar kilometer daarvandaan het die “spookdorp”, Waterval Onder gelê en slaap - ‘n klein gehuggie wat bestaan het uit ‘n hotelletjie, Paul Kruger se laaste huis, ’n stasietjie en een of twee woonhuisies. En dan was daar natuurlik die beroemde ou spookboom waar die soldaat en die verpleegster op volmaan aande hulle Boereoorlog-romanse voortgesit het. Ongelukkig het ’n weerligstraal een skrikwekkende nag ’n einde gemaak aan hulle spookagtige ontmoetings, toe dit met ’n donderende slag die boom getref het. Van die reuse ou peperboom het net ‘n patetiese hoop takke oorgebly.

‘n Treinrit na Waterval Onder was vir my as kind een van die grootste hoogtepunte in my

lewe. Die ou stoomtrein het gekronkel en reuse esse gegooi oor die Elandsrivier. Dan het hy reg langs die skouspelagtige waterval verby gestoom, en vir ‘n paar oomblikke kon almal wat by die vensters uitgehang het hierdie wonderwerk met ’n “Wow!” aanskou. Skielik was daar gapende afgronde langs die treinspoor en duiselingwekkende kranse, kunstig geverf in die allermooiste kleure van ligene en klipblommetjies. Af, af, af, het die trein stadig gekronkel, om haarnaald draaie, en dan het hy feitlik reg onder sy eie spoor weer sy volgende draai gaan gooi - om en om tot heel onder waar die Elandsrivier deur die Laeveld vloei. Daar het die trein weereens die rivier oorgesteek en die sluimerende Waterval Onder stasie wakker geskud met ‘n lang fluit.

Die probleem was egter dat die rit hier tot ‘n einde gekom het, en dat die enigste manier om weer terug te kom by Waterval Boven, die harde manier was. Jy moet die klipperige grondpad terug lóóp! Met dapper en stapper

en ‘n lied in die hart durf jy die pad aan. Tot by Oom Paul se pragtige vyfboogbrug gebou uit netjies gekapte klippe, is dit gelykpad, en jy draf dit tjop-tjop af. Hier is natuurlik die heerlikste swemgat waar die kristalhelder watertjie van Schoonspruit in die Elands insypel. Hier kan jy eers gaan afkoel vir die groot klim. En dan volg jy die roete wat die ou ZASM spoorlyn toenterjare geloop het. Weerskante van jou reik die rooi geverfde kranse ten hemele, en waar daar ’n sweempie van grond is, klou talle alwyne en Barberton madeliefies en stamvrugte krampagtig vas om die klipkranse te laat lewe. Daar vêr onder kabbel die Elandsivier oor reuse gladde rotse op pad na sy ontmoeting met die Groot Krokodil.

As jy verby die ou tonnel stoom, dan blaas jou asem al behóórlik. Maar dan is dit eintlik nog maar net die begin - van hier af begin die éintlike harde klim eers, al met die kronkelende paadjie teen die kranse op - voortbeur, voortstoom, hoër en hoër, uit die

bedompige hittepoel van die Laeveld uit. Met ’n asem wat brand in jou borskas klim jy op, op, op, totdat jy voel jy kan nie meer ‘n enkele tree verder nie. Jou keel is kurkdroog, en jy smag na iets om te drink. Dan kom die verrassing: ’n Fonteintjie wat uit die rotswand ’n watertjie spoeg - wat ’n heerlike welkome lafenissie halfpad teen die bergpas op! En dan is dit weer op, op, op met die kronkelende paadjie - ’n ingenieurs wonderwerk uit die kranse gekap en opgebou met kleurvolle sandsteen-klippe. Dis vasbyt en beur - tot heel bo, aan die voet van Suid Heuwel. Met bewende bene moet jy alles in die stryd werp om die laaste treë te klim tot daar waar die lug vars en skoon en koel is. En die uitsig - asemrowend mooi!

As jy dan jou moeë liggaam in die skadu van ‘n bergalwyn neergooi, en jy kyk terug op die pad na die klein gehuggie daar onder waar jy vandaan kom, dan is alles oor en oor die moeite werd, en jy voel asof jy in die hemel is.

Petrus skryf dat ons op dieselfde manier alles in die stryd moet werp om ons geloofshoogtes te bereik. Deugsaamheid, kennis, selfbeheersing, volharding, Godsvrug en liefde is almal van die sleutelwoorde. Om waarlik hierdie deugde deel van jou lewe te maak, is beslis nie maklik nie - dit verg van jou ‘n uiterste inspanning, totdat jy later voel dat jou geloofsbene lam word en jy nie meer kan nie. Dan kom daardie koel lafenis van die borrelende fontein van God se heerlike Goddelike krag wat Hy ons skenk, en dan kry ons weer nuwe moed om die stryd verder aan te pak totdat ons héél bo is, en die vrugte van ons arbeid kan pluk.

Uiteindelik kom daardie wonderlike, hemelse “uitsig” wat Hy ons gee - die “vrye feestelike toegang tot die ewige koninkryk.” (v.10). Dan weet ons dat dit alles deur en deur die moeite werd was - al die geswoeg en al die swaarkry was beslis nie tevergeefs nie!

Byt vas! Druk deur!

# 18 Die Waterval

## Openbaring 14:1-5

‘n Tinteling van opgewondenheid tril deur my liggaam. Voor my, die bek van die treintonnel wat ou President Kruger deur die granietrotse laat kap het vir die spoorlyn na Lorenço Marques. Dit is in die vyftigerjare, en ek is nog maar ‘n jong seuntjie, propvol energie, en gereed om enige avontuur aan te pak. Anderkant die tonnel kan ek die gedruis van die waterval hoor. Inderdaad het ek Waterval Boven se waterval al talle male besoek, maar hierdie keer is dit anders, want die Elandsrivier is in vloed. Ons kan wel by die waterval uitkom deur buite om die tonnel te stap, maar dit is soveel meer opwindend om deur die tonnel te stap.

Vir die eerste klompie treë hardloop ons kinders die mistieke tonnel opgewonde binne, totdat ons nie meer kan sien waarheen ons gaan nie. Waterval Boven se beroemde ou tonnel maak ‘n draai deur die

berg, gevolglik is dit pikdonker daar binne. Daardie jare het daar ook nog allerhande soorte rommel in die tonnel rondgelê: stukke treinspoor; klippe; dwarslëers; gemors; gate. ‘n Man moes maar katvoet daardeur loop, en as jy oor een van hierdie goed val, dan wil die stofdampe jou verstik.

Boonop is daar allerhande stories wat vertel word van spoke en goeters, van mense wat jare gelede in die tonnel deur ‘n trein papgery is……

Na wat soos ‘n ewigheid voel, begin daar ‘n effense ligskynsel voor in die tonnel kom. Dit word helderder en helderder, totdat ek daar voor die skitterende lig van die tonnelopening sien deurbreek. Die laaste entjie word uitbundig gehardloop uit pure rammetjie-uitnekgeit, totdat ek in die helder sonskyn staan, met die gedruis van die waterval nou sommer baie groot.

As ons om die rotse klouter teen die berghang af, staan die waterval skielik voor

ons in al sy glorie - ‘n skouspel van mag en majesteit. Dit is ‘n nou en moeilike voetpaadjie af na die Elandsrivier toe, besaai met reuse rotse en brandnetels wat jy soos die pes moet vermy, anders sê jy sommer lelik les op.

Die dreuning van die waterval word al harder en harder, totdat dit uiteindelik, wanneer ons aan die voet van die waterval staan, ‘n oorweldigende, dreunende gedonder is wat deur jou hele liggaam ruk. “Awesome!” sou vandag se jongmense sê. Maar ten spyte van die geweld, speel ‘n sagte mis met my gesig. God se nabyheid is so geweldig sigbaar, tasbaar.

Ek weet presies hoe Johannes gevoel het in hierdie visioen, waar hy die 144’000 uitverkorenes op die Sionsberg gesien het. Teenoor die gesig van die draak en sy trawante, wat dood en verwoesting saai, word hierdie toneel nou van die Lam geskets, en dadelik kry ‘n mens sommer weer nuwe moed vir die lewe. Die Sionsberg is natuurlik

die plek waar die tempel (met God daarin) gestaan het, en waar die Jode geglo het dat die Messias eendag, aan die einde, sou verskyn. Die geluid wat Johannes beskryf is intensief-dramaties, soos ‘n waterval in vloed, asook donderweer, gekombineer met die sagte, rustige klanke van siterspelers. En dan, die grootse oomblik wanneer hierdie magtige koor met sy 144’000 koorlede ‘n splinternuwe lied sing. Ek het al ‘n koor met 1’200 stemme beleef, en dit is aangrypend. Kan jy jou so ‘n reuse koor voorstel? Hemelse klanke het die hele lugruim gevul!

Daar is ‘n paar vrae oor hierdie skaar van mense: Is dit net mans? Is dit slegs mense wat nooit getrou het nie? Sommige mense wil wel so dink. Dit moet egter teen die agtergrond van ‘n manlike leër gesien word. Terwyl daar oorlog gemaak is, was die manne verbied om selfs by hulle eie vrouens te slaap. Dit dui op onverdeelde trou aan die land. Op dieselfde wyse sien ons die trou van hierdie 144’000 mense aan Christus, wat

hulle nie met goddelose afgodery besoedel nie. Hulle kuisheid lê juis in hulle onverdeelde trou aan die Lam, en hulle volg die Lam. Hulle gehoorsaamheid aan die Lam word sigbaar in hulle navolging deur woord en daad.


Hierdie mense is losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam (vers 4). Eerstelinge in hierdie sin dui op die eerste vrugte van die oes wat aan God geoffer is, om hierdeur te sê dat die hele oes eintlik aan God behoort. Uit hulle monde het daar nooit ‘n leuen gekom nie - dit beteken dat hulle God nooit verloën het nie. Hulle het aan die Waarheid vasgehou en in die Waarheid geleef. Terselfdertyd was hulle onberispelik (vers 5). Net soos ‘n offerlam onberispelik moes wees, sonder enige gebrek en geskik vir God se offer, so was hierdie 144’000 in alle opsigte geskik en bruikbaar vir God.

Die vraag is vanoggend, of ek en jy kan aanspraak maak op ‘n plek in daardie koor. Hoe leef ons die Waarheid uit? Hoe

onberispelik is ons lewens? Is ons werklik geskik en bruikbaar vir God?

Gebed:

Here, ek moet vanoggend bely dat daar nog soveel tekortkominge in my lewe is. So dikwels kyk ek anderpad wanneer u Naam beswadder word, en so dikwels tree ek liefdeloos op teenoor u kinders. Vergewe my daarvoor, Here, en maak my asseblief bruikbaar vir U Koninkryk.


Die Waterval 1958

# 19 Stories en Lewensverhale

## Hebreërs 2:5-18

Oopmond sit ek en luister, plat op die grond, en ek drink elke woord in van die drie ou manne wat so heerlik sit en gesels oor die "ou dae". Oupa is daar, en Ouma se twee broers, Oom Pieter en Oom Abe. Die drie het saam opgegroei in Machadodorp, en later het al drie treindrywers geword in Waterval Boven. Saam-saam het hulle baie kattekwaad aangevang, en saam-saam het hulle die bitter swaar van die lewe deurgemaak. Hulle is nou al drie afgetree, en ek 'n klein seuntjie wat net eenvoudig nie genoeg kan kry van hulle stories nie.

"Onthou jy nog", vertel Oupa, "toe die Engelsman saam met ons wou gaan turksvye pluk?"

"Ja", sê Oom Abe terwyl sy ronde maag so op en af skud van pure lekkerkry, "hy wou mos weet hoe 'n mens die goed by die huis

kry.”

“En toe”, tjip Oom Pieter in, “en toe vertel ons hom dat hy dit voor by sy hemp moet ingooi!” Die drie manne skud soos hulle lag - die prentjie nog helder en duidelik voor hulle. Die arme “Engelsman” het glo vir dae lank gesukkel om die dorinkies uit sy maagvelle te kry - die einde van hulle kortstondige vriendskap.

Ja, dit was baie jare gelede, maar ek onthou baie van hulle stories nog byna woordeliks - juweeltjies uit my kleintyd. Mense is lief om stories te vertel, van hoe swaar hulle grootgeword het of van die avonture wat hulle beleef het. Van die stories wat Oupa vertel het, het selfs afgespeel tydens die Boere Oorlog, waar hy as seuntjie in die konsentrasiekamp in Jacobs (naby Durban) was. Die dinge wat hulle daar as kinders aangevang het laat jou hare regop staan - eendag sal ek dalk daaroor skryf. Snaaks dat hulle altyd vertel het van die dinge wat nie vir jouself ‘n verleentheid was nie. Tóg was daar

een of twee storietjies wat die drie manne met groot smaak vertel het, waar een van hulle in ‘n groot gemors beland het, maar ek kon nooit uitvind wie daardie een was nie, want hulle het altyd gestry oor wie die skuldige nou éintlik was. Mens praat nie graag oor die dag toe jy ‘n gemors aangevang het nie.

Die Hebreër-skrywer vertel ook hier ‘n verhaal - die verhaal van die mens, en dan vertel hy die verhaal van Jesus, en soos ‘n mens twee transparante bo-oor mekaar plaas, so plaas hy die twee verhale bo-oor mekaar sodat dit een verweefde verhaal word.

“Ja, dit was die goeie ou dae!”, het die ou manne dikwels gesug as hulle gedagtes vêr terug gaan. Maar die “goeie ou dae” was dikwels ‘n hunkering wat uitgesien het na iets beter - dit was dalk vet pret, maar dit was ook bitter swaar tye. Wat ons nou het is wel baie beter, maar ons sien met groot verwagting uit na die volmaakte.

Die skrywer se verhaal begin met ‘n toekomsperspektief, waar alles volmaak sal wees, en waar alles en almal aan Jesus onderwerp is. ‘n Tyd wanneer selfs die dood nie meer bestaan nie, en al God se kinders saam met Jesus regeer oor die heelal. Die gordyn is net op ‘n skrefie oop, maar dit wat ons daardeur kan sien maak ‘n mens opgewonde.

Ons moet egter besef dat daardie vooruitsig nooit moontlik sou kon wees as dit nie was vir die opoffering wat Jesus moes maak nie. Die vernedering wat Hy, die Skepper van die heelal, moes deurmaak om as mens hier op aarde te kom leef - Hom as’t ware met die semels te meng. Hy het ‘n verskriklike lyding deurgemaak, en moes selfs die vervloekte kruisdood sterf. Inderdaad is hierdie sterwe van Jesus ook die tragiese lot van elke mens se lewensverhaal. Hy, die Seun van God, het as’t ware ons elkeen se welverdiende ondergang namens ons kom ervaar, want Hy het vir almal gesterwe.

Maar Jesus se opstanding, hemelvaart en verheerliking verander die koers van ons armsalige mense se lewensloop onherroeplik. Omdat Hy gely het, bring dit ons lot tot volmaaktheid, en deur Sy bittere lyding word ons opgeneem in die gesin van Jesus, en is ek en jy dus Jesus se broers en susters.

Deur die eeue het die mens tevergeefs probeer om soos God te word. Daarom het Jesus neergedaal en eerder ‘n mens geword, en sodoende daarin geslaag om die kragte wat ons lewensverhale beduiwel te vernietig. Ons word so uit die slawerny van uitgediende wettiese godsdiens bevry. Dikwels het ons probeer om ons eie brouwerk reg te maak, maar tevergeefs - die sonde het ons oorwin. As Hoëpriester het Jesus Homself geoffer vir ons sondes en dit vir altyd weggeneem.

Ja, Jesus is self versoek, en Hy het self gely, en daarom weet Hy presies wat ons deurmaak. Hy is dus gekwalifiseer om ons te help om daardie versoekings en lyding in ons

lewe te hanteer. Vertrou dus op Hom, want Hy help ons om te volhard in versoekings en beproewings, en Hy sien toe dat ons wankelrige lewensverhaal ‘n gelukkige einde het.

Gebed:

Here, dankie dat ek my lewe aan U kan toevertrou. Dankie dat ek reeds kan weet dat daar ‘n gelukkige einde is!

## 20 Heerlike Geure uit my Kleintyd.

## Johannes 12:20-36

Onthou jy nog die nostalgiese geure van jou kleintyd? Maar natúúrlik onthou jy! As ek my oë toemaak dan ruik ek nog die heerlike geur van strooi in die solderkamer van die ou “spookhuis” op die plaas. Oupa Johnny het in die somer hooi daar opgeberg sodat die koeie genoeg kos sou hê deur die maer wintermaande, en vir ons as kinders was dit ‘n heerlike speelplek. As die hooi tot teen die plafon opgestapel was, het ons tonnels gegrawe deur die hooi, of daar van bo af gespring om onder op sagte hooi te val. Ek ruik daardie soet geur asof ek op hierdie oomblik in die hooi lê. Heerlik! ‘n Vêrverlang-geur!

Ek ruik ‘n ander onverganklike geur - die geur van varsgebakte brood. Nadat Oupa op pensioen gegaan het as treindrywer op die spoorweë, het hy ‘n bakkery begin op Waterval Boven. Wanneer daardie

varsgebakte brode uit die stoom oond kom, het die geur die hele vertrek gevul. Dit is asof ek vanoggend deur daardie bakkery stap en die heurlike watertand-geure diep inasem. ‘n Nostalgiese geur wat my herinner aan mooi tye in my lewe wat ek nooit, ooit wil vergeet nie. Oupa het die bakkery later verkoop aan Mnr. Kwant, ‘n Hollander, en elke Saterdag was dit my voorreg om saam met Oupa ‘n besoek daar te gaan aflê om ‘n kan melk te gaan verruil vir twee kraakvarsgebakte brode. G’n wonder ek is vandag nog so lief vir brood nie!

‘n Ander geur uit my kleintyd wat my altyd sal bybly is dié van ‘n stoomtrein. Op Waterval Boven se stasie het ek dikwels vir ure gesit en kyk na die reuse stoomenjins wat hulle swaar vragte trek tussen Pretoria en Mosambiek. Daardie reuk van brute krag en majesteit is onuitwisbaar in my geheue vasgelê. Watter geure uit jou kleintyd is dit wat jou vandag nog aangryp? Die slim manne sê dat die reuke wat jy as kind ervaar

het, die sterkste op jou geheue ingegrafeer is.

In vanoggend se skriflesing vertel Jesus vir die mense dat Hy weg gaan. Hy verwys na sy kruisiging wanneer Hy sê dat Hy verhoog gaan word. Die mense verstaan dit nie, want hulle het so pas begin verstaan dat Hy die Christus is, en die Christus gaan mos vir ewig by hulle bly ..... hoe dan nou? Iemand sê eendag vir my dat hy nie in God kan glo nie, want hoe is dit moontlik dat God oral gelyk kan wees? Dit maak nie sin nie! Net so maak dit (menslik gesproke) nie sin dat Jesus gesterf het en weer opgestaan het nie. Nog minder maak dit sin dat Jesus opgevaar het na die hemel, en steeds hier by ons is nie.

As ‘n mens ‘n vergelyking mag tref met die geure van jou jongtyd, dan kan jy begin besef hoedat Jesus met ons is. Daardie geur van vars brood uit jou kinderdae is ingegrafeer in jou gedagtes. Al sien jy daardie brood al vir baie jare nie meer nie, is dit nog steeds deel

van jou lewe, en hoef jy maar net jou gedagtes vrye teuels te gee, en jy sien en ruik en proe weer daardie brood. Net soos daardie geur, is Jesus ook ‘n integrale deel van jou lewe. Die verskil is egter dat Hy nie maar net ‘n gedagte is nie, maar ‘n werklikheid. Al kan jy Hom nie sien nie, is Hy altyd daar vir jou, en jy kan Hom ondervind. Jy hoef maar net jou gedagtes te laat gaan, en Hy is daar langs jou om jou te troos in jou smarte; jou hand styf vas te hou wanneer angste jou hart omklem. Hy is by jou en bly saam met jou wanneer jy bly is, en Hy is daar om jou styf teen sy bors vas te druk wanneer droefheid jou oorval.

Wanneer daardie aangename geure uit jou kleintyd dan mooi, nostalgiese gedagtes in jou begin oproep, dink dan daaraan dat Jesus net soos jou mooi gedagtes deel is van jou lewe. Besef dan dan Hy by jou is, waarmee jy ookal besig is. Besef dan ook dat jy met Hom kan gesels, enige tyd van die dag of nag, selfs terwyl jy sit en werk, of

wanneer jy deur die tuin loop en die heerlike geur van die blommetjies inasem.

Vandag kan ons nie vir Jesus sien nie - ons kan Hom alleen “ondervind”, maar eendag sal ons Hom van aangesig tot aangesig kan sien!

Gebed:

Here Jesus, dankie dat ek vandag ‘n lewende God kan aanbid, en dankie dat U ‘n werklikheid is wat ek elke dag kan ervaar en mee gesels.



***Oupa Johnny Parsons by sy stoomlokomotief op Waterval Boven stasie***

## 21 Die Ding in die Donker

## Johannes 2:23 tot 3:21

“En so kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg.” (Joh 3:19).

Ek was maar ‘n klein seuntjie - seker so sewe of agt jaar oud- toe ek een middag laat besluit om af te loop rivier toe. Dit was op ons plaas net buite die skilderagtige dorpie Waterval Boven. Van die plaashuis af was dit sowat ‘n halfkilometer onder na die spruit toe, een van my gewilde speelplekke, waar ek dikwels in die yskoue, kristalhelder poele geswem het, en baie ure lank myself verwonder het aan die tallose watergediertes soos platannas, krappe, waterhondjies, palings en kriepie-krôlies van enige vorm en grootte. Daar was talle watervalletjies waarvan een die bekende “Cascades” onderkant die Elandskrans vakansieoord, een van die hoogste watervalle in ons land.

Asemrowende natuurskoon was deel van my daaglikse lewe.

Geen wonder dat die tyd daardie middag by my verbygegaan het nie. Toe ek my kon kry is dit alreeds sterk skemer, en ‘n vrees begin my hart omklem. Waarom? Die donker natuurlik! Wie wil nou alleen daar in die boendoes gevang word in die donker, veral as jy ‘n klein seuntjie is! Ek klim haastig oor die reuse granietklippe teen die rivierwal uit, kruip deur ‘n doringdraad om kortpad te vat oor ‘n verlate mielieland, en toe sien ek die gedierte: voor my staan ‘n reuse kat! Net vir ‘n breukdeel van ‘n sekonde is hy daar, maar vir my lyk hy so groot soos ‘n jong kalf. Hy het kolle! So ‘n dierasie het ek nog nooit in my lewe gesien nie. Ek skrik my yskoud en begin hardloop. As ek weer kyk is die kat weg. Wat was dit? My hart bons in my keel: bekruip hy my nou van agter? Ek moet myself inhou om nie te skree nie. So vinnig as wat my twee maer beentjies my kan dra hardloop ek die lang opdraende huistoe. Elke

oomblik voel ek asof hierdie vreesaanjaende gedierte my agtervolg. Elke donker bossie wat ek verbyhardloop hou ’n bedreiging in.

Die turksvybos gryp na my met sy lang, skerp dorings, en die steentydperk murasie lyk vanaand so verskriklik onheilspellend. Sal ek ooit vanaand die huis haal? Ek voel al klaar die skerp naels van die kat in my rugvelle wegslaan om my te verslind. Dorings, klippe en skerp graspolle voel my kaal voetjies nie eers nie.

En dan uiteindelik die heerlike warm gloed van ’n paraffienlampie wat my by die huis welkom heet. Dit is al donker as ek uitasem die kombuis instorm.

As ek vir Pa vertel van die “Ding” wat my so groot skrik gegee het, dan sit hy en Ma en wonder oor wat dit nou eintlik kon wees: Was dit ‘n tierboskat, of dalk selfs ‘n luiperd……… Ek sal nooit weet wat dit was nie, maar wat ek weet is dat daardie aand, vyftig jaar gelede, diep in my geheue ingegraveer is as

een van die grootste skrikaande in my lewe.

Het jy al ‘n donker nag beleef waar vrees jou hart omklem het? ‘n Nag waar iets of iemand met bose intensies jou siel getreiter het? Natuurlik het jy, en elke leser kan my seker ‘n grusame nagstorie vertel wat die hare op jou nek laat regop staan. Ja, inderdaad het ek na hierdie ervaring talle skriknagte beleef waar bose dinge gedreig het om my te verslind. Maar aan die einde van elke nag was daar ook die helder oggend waar die sonlig alle vrees uitgedryf het.

Hoekom is dit so dat bose of skrikwekkende dinge gewoonlik in die donker gebeur? Dalk kan ons ook die teenvraag vra: waarom is dit so dat ‘n helder lig die vrees uitdryf? Die antwoord is baie eenvoudig: God is Lig! Omdat die bose bang is vir God se oordeel, gebruik hy die duisternis as dekmantel. Hierdie beeld van lig teenoor duister word in talle plekke in die Bybel gebruik. Die duister

kan oorweldigend wees, maar selfs ‘n ou piepklein liggie kan die duister uitdryf. Verlede week toe ons in die Bos was, was ons kragstelsel buite werking. Dit was donkermaan, en die pikswart donkerte van die Bos was oorweldigend, maar met doodgewone kersies het ons daardie verskriklike duisternis oorwin en ‘n heerlike, gesellige atmosfeer geskep waar ons elke aand tot laataand sit en luister het na die boskonsert van hiënas, seekoeie en leeus wat soms baie naby gebrul het, sonder om ooit bang te wees. Sien, daar was lig!

Wanneer God se lig in jou lewe is, dan hoef jy die Bose nooit te vrees nie, want niks op aarde kan jou van God se liefde skei as jy in Sy wonderbare Lig wandel nie!

Gebed:

Here Jesus, U is die Lig in my lewe - dankie dat ek kan weet dat selfs deur die grootste donker duisternis, U steeds daar is om my hand vas te hou.

# 22 Die Kraal

## Johannes 9:35 - 10:6

Veertig jaar nadag ek daar weg is, kry ek weer die geleentheid om ‘n nag deur te bring op die plaas waar ek groot geword het. Inderdaad was dit maar enkele ure wat ek daar kon vertoef, maar die gewaarwordinge het my diep in die hart gegryp.

Toe ek die oggend vroeg teen die klipkoppie uitklim om die natuurskoon te gaan indrink, kom ek op ‘n ou klipkraal af. My oupa het nog self hierdie kraal gebou. Netjies staan die klippe in hierdie stewige muur gepak, presies net soos ek dit kan onthou uit my kindertyd uit. Ek hoor weer die beeste bulk wanneer hulle saans in die kraal toegemaak word, en ek sien weer die kallers bokspring. Weet jy hoe seer is dit as so ‘n uitbundige, bokspringende kalf op jou kaal tone trap op ‘n koue winteroggend as die ryp spierwit op die gras lê? Weet jy hoe lekker dit is as jy daardie eina-toon in ‘n vuurwarm bol vars

beesmis druk? As jy nie op ‘n plaas grootgeword het nie sal jy dit nie waardeer nie. “Ag siesa!” hoor ek jou al sê.

Het jy al gewonder hoe kom die beeste saans in die kraal? Soggens vroeg, net nadat hulle gemelk is, vat die beeste koers veld-in vir die dag om te gaan wei. Ons plaas was maar klein, en net die belangrikste dele soos die vrugteboord, die lusernland en die groentetuin was afgekamp om die beeste uit te hou. Verder kon hulle loop waar hulle wil. Maar as dit aand begin word, dan moet hulle kraal toe.

My Kolliehond, Diek, het al vroeg in sy lewe geleer dat die beeste saans in hulle klipkraal



**Oupa Johnny se Kraalmuur**

hoort, en hy het dit sy missie in die lewe gemaak om te sorg dat elke bees op die plaas daar uitkom. As dit begin tyd word, hardloop hy die veld in, en dan blaf hy vir die beeste. Al blaffende hardloop hy voor die beeste uit, en hulle volg hom soos een man (vrou!). Diek het hulle nooit in die verderf in gelei nie, en hulle het hom ten volle vertrou. En voor jy weet waar jy is, dan het Diek elke bees veilig in die kraal vir die nag. Hy kon net nooit leer om self die hek ook toe te maak nie!

In vanoggend se Skriflesing is Jesus steeds besig met die blinde man en die Fariseërs. Wanneer Jesus vir die man vertel wie Hy is, glo hy onvoorwaardelik, en hy aanbid Jesus. Die Fariseërs, aan die anderkant, staan steeds skepties, en bly dus blind vir die waarheid.

Dan vertel Jesus ‘n storie. Hy vertel van die herder van ‘n kudde skape. Slegs die ware herder sal toegelaat word om deur die kraal se hek te gaan. ‘n Rower sal nie toegelaat

word om in te gaan nie, en as hy binne wil kom moet hy oor die kraalmuur spring. Die skape sal slegs die herder wat hulle ken volg, en as ‘n vreemdeling hulle probeer lei, sal hulle weghardloop.

Hierdie storie kan ‘n mens laat kopkrap, en daar is baie verskillende maniere wat jy dit kan toepas. Hoe moet ’n mens dit verstaan? Dit hang natuurlik af wie jy dink die herder of die diewe is. As die Jode dink hulle is soos die herder, sal Jesus en sy volgelinge die rowers word. Dan het die beeld ’n heeltemal ander betekenis as wat Jesus bedoel het. Om die beeld reg te verstaan, moet die leser verstaan wat Jesus met die beeld bedoel. In die volgende gedeelte (van Joh. 10:7) af verduidelik Jesus die verhaal en daar is nie net een toepassing nie.

Voordat ons na Jesus se toepassing kyk, moet ons eers let op die belangrike punte in die beeld self. Dit is wat Jesus wil hê raakgesien moet word. Die eerste opmerking stel twee groepe mense teenoor mekaar: die

rowers wat nie deur die hek ingaan nie, teenoor die herder wel daar ingaan. Die hek is dus die plek waar daar besluit word of iemand eg is of nie. Die skape sal saam met die herder deur die hek ingaan. Dit sal wys dat hulle saam met die regte herder is.

Die tweede deel van die beeld vertel van die verhouding wat daar tussen die herder en sy skape bestaan. Hulle ken sy stem en hy roep hulle op hulle name. Die derde deel van die beeld vertel van die vertroue wat die skape in die herder het en die hegte band wat daar tussen hulle bestaan. Hy loop voor hulle uit en hulle volg hom. Hulle sal nie 'n vreemde volg nie, want dieselfde verhouding bestaan nie tussen hulle en die vreemdeling nie. Die klem val hier dus op die verhouding tussen die herder en sy skape.

Jesus gaan nou hierdie lesse wat uit skaapboerdery geleer word, op Hom en sy volgelinge toepas. Maar daarvan sal ons weer anderdag leer.

Gebed:

Here Jesus, dankie dat ek vandag kan weet dat U my Herder is, en dat ek niks het om te vrees nie.

# 23 Tant' Ann vat 'n Man



Oopmond sit ek haar en dophou - Oupa se sussie, Tant Ann. Sy het vir ons kom kuier op ons plaas by Waterval Boven, en sy kom al die pad van Rhodesië af. Ek hang aan die gryse ou tannie, wat terloops nog sommer baie hups is vir haar ouderdom, se lippe as sy die storie vertel van hoe sy vir Oom Bill gekry het.

"Ons het op Machadodorp ontmoet", vertel sy, "hy was 'n baie aantreklike man, en ek was sommer dadelik smoorverlief op hom. Die enigste probleem was, dat hy 'n

landmeter was, en hy het in Zoeloeland gewerk - hy het plase opgemeet diep in die gramadoelas. Ons het mekaar skaars leer ken, toe is hy weer terug Zoeloeland toe, en vir die volgende paar jaar het ek hom nooit weer gesien nie. Die enigste manier waarop ons kon gesels was deur briewe te skryf.”

Tant Ann bly vir ‘n rukkie stil - ‘n baie seldsame ding, want sy het altyd aanmekaar gebabbel. Haar gedagtes dwaal vêr, baie vêr terug, en ‘n glimlaggie speel om die geplooide mondhoeke as sy die soete herinneringe van haar jongmeisiedae oproep. Sy was maar altyd ‘n bietjie van ‘n rabbedoe, een met ‘n lekker stoute sin vir humor. Soos die slag toe daar Nagmaal gehou is op Machadodorp. Die ou dorpie was maar baie klein, maar met Nagmaal het boere van heinde en verre gekom en dan sommer tent opgeslaan rondom die kerk. Daar is gekatkiseer en getrou en kerk gehou en nóg kerkgehou - ‘n voorbereidingsdiens en ‘n nabetragtingsdiens en ‘n dankdiens, en dan

was daar natuurlik nog die éintlike Nagmaalsdiens óók. Vir die kinders was al hierdie baie kerkhou darem net een te veel, en hulle is toegelaat om maar hulle eie ding te doen, solank hulle nie die grootmense pla nie, want vir die volgende paar maande sal hulle (dis nou die grootmense) gladnie weer die geleentheid kry om by ‘n kerk uit te kom nie.

Nou-ja, dis juis hierdie eie-ding-doenery wat soms gróót moeilikheid veroorsaak het. Sy wat Ann is, was natuurlik gereeld die voorbok, soos die keer toe die kinders ‘n spieël in die hande gekry het. “Dink jy die spieël kan die son dwarsdeur ‘n kerkvenster flits?”, wonder een van die kinders, nadat hulle al ligkolle teen alles om hulle geblits het. “Natuurlik!” sê Ann. “Aag, ek weet nie so mooi nie”, twyfel Ella. “Die Bothatjies weet ôk niks in die lewe nie”, dink Ann vies: “Gee hier!”, en Ann gryp die spieël, “Ek sal julle wys!”. Sy korrel mooi ...... en blits vir Dominee netjies in die oë, daar waar hy op

die kansel staan. “Oeps!”, snak Ann na haar asem - dis nie hééltemal wat sy beplan het nie! Kinders spaander verskrik in alle rigtings as die kerkdeur oopvlieg en ‘n woedende koster met bloedrooi gesig en gebalde vuis uitgestorm kom.

Daardie aand is Ann se boudjies bloedrooi geslaan - Pa was maar ‘n befoeterde ou Skot, en as sy glasoog jou eers so skeef-skeef, gevoelloos-koud aangekyk het,  dan weet jy al sommer: hier’s gróót moeilikheid! Ja, Pa het daardie glasoog van hom totaal misbruik! Hy was ‘n ploegbaas op die spoorweë - dis nou die ou wat moes toesien dat die spanne arbeiders op die spoorlyn hulle werk doen. Wanneer hy ‘n draai moes loop, het Pa sy glasoog uitgehaal terwyl sy werkers hom met vrees en bewing dophou, en dan het hy die grillerige ding met ‘n dramatiese gebaar op ‘n paal neergesit waar die oog almal kon “sien”. Dan kon hy maar loop waar hy wou loop - die werk word met oorgawe gedoen!

Maar die nagmaal - wie was dit nou weer? Aag dit was die een of ander niggie wat in die tent lê en slaap het, en sy het gesnork - helder oordag! Dit was natúúrlik weer Ann wat suutjies die tent ingesluip het terwyl haar maters hulle nekke breek om deur die tentopening te kon sien wat sy aanvang. Sy het ‘n kers opgesteek en bokant die slapende meisie gehou. Haar hele lyf het geruk soos sy geluidloos lag, toe die eerste druppels kersvet in daardie oopgesperde mond drup waaruit die onaardse geluide te voorskyn kom.

En toe was die duiwel natuurlik alweer los!

“Tant’ Ann....?”, sy word terug geruk na die werklikheid as ‘n vraende stemmetjie haar aanpor om tóg die storie van haar troue te vertel.

Bill.... Bill Landman.... wat ‘n aantreklike man was hy nie! Dit was op Machadodorp waar hulle ontmoet het. Hy het by familie kom kuier, en toe sy hom sien, toe wéét sy -

hierdie is haar trouman. Hy het op ’n brullende motorfiets gery - ene met ’n “saaidkaar”, en sy kon in hierdie “wiegie” wat langs die motorfiets hang en op een wieletjie balanseer, saamry as hy die stof en klippe van Machadodorp se stowwerige grondpaadjies met ’n oorverdowende lawaai laat spat. Die romanse was stomend, maar dit was van bitter korte duur, want skaars ‘n week later moes hy weer terug na Zoeloeland. Bill was ‘n landmeter, en hy moes plase opmeet in die ongetemde woude van St. Lucia. Die afskeid was bitter swaar, maar Bill het belowe dat hy sou skryf. Sy het hom lank agterna gekyk terwyl sy brullende ysterperd oor die horison verdwyn het in die rigting van Ermelo - die stofwolk het lank in die lug bly hang. Ann het op ‘n wolk gesweef - haar kop propvol muisneste.

Skaars was Bill op die pad, toe begin Ann haar eerste brief skryf: “My liefste, liefste Bill.......”

Die briefwisseling het lank aangehou, en met

elke brief raak die verlange groter en groter, totdat Ann dit na twee jaar net eenvoudig nie meer kan hou nie. “Kom ons trou!”, skryf sy vir hom, en die brief word gepos na Matubatuba. Eenmaal ‘n week ry hy daarheen om sy pos te kry - hy werk in die St Lucia omgewing, diep in die bosse. Bill laat nie op hom wag nie, en as hy die brief lees, en Ann se hartstog daarin sien, antwoord hy sommer dadelik, nog voordat hy terug ry die wildernis in: “Ja, duisendmaal ja! Ons trou oor ‘n maand!”, en gooi die brief in die pos.

Ann was in ekstase toe die brief haar uiteindelik bereik. “Sarah, ek gaan trou!”, babbel sy uit haar vel uit van opgewondenheid, “Sarah, my sussie, Bill het Ja gesê, en ons gaan trou - sommer oor ‘n maand al!”

Sarah is eers baie skepties: “Maar jy ken die man dan skaars - hy was maar net ‘n week lank hier gewees - dink jy dat jy die regte ding doen jong?” Maar Ann laat haar nie afsit nie. En nou begin die groot regmaak. ‘n

Maand ...... ‘n MAAND! Dis ál! Daar is soveel om te doen!

“Sarah, my ou sussie, sal jy my help .... asseblieftog?”, soebat sy, “En ek wil nie alleen gaan nie - sal jy saam met my ry Durban toe?”

“Ek dog jy wil gaan trou, en nou wil jy Durban toe neuk - hoe verstaan ek jou dan nou?” Sarah is sommer op die plek vererg.

“Maar het ek jou dan nie gesê nie? Ek en Bill gaan in Durban trou!”

“O, hoe romanties..... Ann Parsons, jy is stapelgek! Maar nouja, so ken ek jou mos al jou hele lewe lank!”

‘n Paar weke later klim die blosende bruidjie en haar suster op die trein op Machadodorp se stasie. Almal is daar om hulle af te sien en vir oulaas raad te gee en te sê dat hulle tóg maar versigtig moet wees. Ann bewe van opgewondenheid. Hulle tasse word deur die venster aangegee en Sarah moet op die

groen leerbank klouter om hulle op die rak te kry. “Prrrt!” blaas die kondukteur uiteindelik dáár agter van die kondukteurswa af op sy fluitjie, en met ’n blikkerige stem skree hy: “All aboard!”. ’n Spierwit pluim stoom pyl die lug in as die drywer die fluit se tou trek. Rookpaddastoele borrel die koue hoëveld lug in terwyl die kragtige lokomotief sis en wit bolle stoom by die silinders uitblaas, en dan stadig en statig gly-gly al krakende en kreunende op die gladde spoor in beweging kom. Die swetende stoker gooi grawevol steenkole in die vurige keelgat van die lokomotief in terwyl die drywer halflyf by die “venster” uithang om mooi te kan sien verby die kolos se lang, blink-swart stoomketel.

Stadig kronkel die reuse duisendpoot om die draai, die ysige Hoëveld se grasvelde in. Carolina is die eerste stasie waar daar aangedoen word. Maar voor Carolina in sig is, word daar ‘n honderd keer gestop by elke klein sylyn - dikwels net om ‘n paar roomkanne op te laai. Die “Melktrein”, is

hierdie trein gedoop omdat hy letterlik vir elke emmer melk langs die pad stop. Dit voel soos ‘n ewigheid voor Carolina ingestoom word. En dan kom Breyten en uiteindelik Ermelo, met ‘n duisend en een klein stasietjies tussenin. ‘n Volle dag later kom die trein eers in Piet Retief aan, waar hy vir ‘n halwe dag oorstaan om eers ‘n aansluiting te kry met ‘n trein van Pretoria af.

Die ure op vervelige ou Piet Retief sleep harmansdrup-stadig verby. “Wanneer ry ons dan?!”.

“Sarah, jy weet, ek en jy het darem al saam ‘n sak sout opgevreet!”

“Nou wat laat jou dit sê, ou Sussie?”

“Onthou jy nog die gemors met die hoenderderms?”

Die twee meisies begin onbedaarlik te giggel. Ja, dit was omtrént ‘n gemors! Daar is hoender geslag, en die twee besluit dat hulle iemand ‘n poets gaan bak. Die kop, pote,

vere en derms sit hulle in ‘n skoendoos, en hulle draai dit netjies toe in bruinpapier. Daar kom ‘n strikkie om, net vir die mooigeit, en hulle loop ‘n entjie straataf, waar hulle die pakkie op die sypaadjie neersit, op ‘n baie strategiese plek.

Ek toe kruip hulle weg, om te sien wie die pakkie gaan kry. Die ou tannie wat dit gaan optel se gesig, wanneer sy die pakkie oopmaak - hulle bars sommer uit van die lag by die blote gedagte daaraan. En hulle wag.

En toe gebeur die ding wat hulle nooit op gereken het nie: Dominee kom die straat afgestap - statig, soos dit hom betaam. “Ann, ons is in die moeilikheid!”, wil Sarah nog sê, maar dis klaar te laat. Dominee stop by die pakkie, kyk links en regs om te sien of niemand hom raaksien nie, en toe tel hy die pakkie op, sit dit onder sy arm, en loop pastorie toe.

“Sê nou hy vind uit dis ons?”, hyg Sarah. Maar g’n haar het ooit daarna gekraai nie.

Dominee kon mos nou nie gaan staan en afkondig dat iemand vir hom ‘n pakkie hoenderderms gelos het om op te tel nie.

“O, ek wens so ek kon daardie dominee se gesig sien toe hy die pakkie oopmaak.”, lag Ann.

Skielik ruk die trein as ‘n lokomotief hardhandig teen die stilstaande waens stamp. “Ons beweeg! Uiteindelik!” Maar hulle blydskap is van korte duur - die waens word gerangeer, eers diékant toe, dan dááikant toe. En dan staan dit weer. Sielsdodend!

En dan, uiteindelik fluit die lokomotief ‘n lang, uitgerekte fluit, en al rukkende kom die trein in beweging. “Durban, hier kom ons!”

Maar helaas: Ann se blydskap is van korte duur. Slegs ‘n paar ure later, as hulle op Ladysmith se stasie staan, moet hulle verneem dat daar ‘n ou probleempie is. “Die Kliprivier is oorstroom!”, word hulle ingelig. Die rivier vloei so sterk dat die treinbrug in

gevaar staan om weg te spoel. Maar kyk, as daar nou ‘n nasie is wat kén van improviseer, dan is dit Spoorwegmanne. Die plaaslike ingenieur werk uit dat as daar nou ‘n groot gewig op die staalbrug staan, dan sal dit keer dat die geweld van die water hom meesleur. Vinnig-vinnig word ‘n klompie swaargelaaide steenkooltrokke opgekommandeer en versigtig tot op die brug gestoot. “Gaan hy dit maak?”, wonder almal, terwyl hulle met ingehoue asems toekyk hoedat die trokke op slakkepas oor die bewende brug beweeg. Wanneer die eerste trok die oorkantste oewer bereik, gaan daar ‘n groot sug op - ‘n sug van verligting.

Vir twee volle dae staan die trein op die brug geparkeer terwyl die woedende kliprivier teen die pilare van die brug hamer met al sy geweld. En as hy sien dat hy dit nie kan omstoot nie, verskuif hy sy woede na die dorp. Groot dele van Ladysmith is onder water.

Ann is in trane: “Sarah, dink jy Bill gaan nog

vir my wag? Dalk dink hy ek het koue voete gekry.”

“Toemaar ou Sus, alles sal regkom - jy sal sien....... En jy sal hierdie lang wag ook oorleef: as jy ‘n koeël uit ‘n jaggeweer kan oorleef, dan sal jy hierdie ou obstiekeltjie oorleef.”

Ja, Ann was maar ‘n wilde entjie mens, en toe die manne eendag besluit om te gaan jag in die Laeveld, wou sy opsluit saam. Sy was maar ‘n jong meisie, en die wêreld was woes en wild, nie lank na die Boere Oorlog nie. Uiteindelik het sy haar sin gekry, en sy is saam op die ossewa waarmee hulle die jagveld in is. Vanaf Machadodorp was dit dae en dae se ry om in die Laeveld te kom. En sy sleep suster Sarah saam! Opwinding het gebruis in die are van die jong Ann, en uiteindelik het hulle kamp opgeslaan in die wildernis.

Een aand sit hulle langs die kampvuur na ‘n harde dag se jag. Een van die manne tel sy

geweer op om dit skoon te maak, gereed vir die volgende dag se jag. Maar toe doen hy die ding waarteen alle jagters gewaarsku word: hy maak nie seker dat die geweer veilig is nie. Die volgende oomblik gaan daar ‘n skoot af. Die loodkoeël tref ‘n stuk yster, ontplof en skram weg, en Ann word getref in die bobeen deur hierdie stuk warrelende lood.

Skielik is alles in rep en roer. Ann se been bloei verskriklik - die koeël het feitlik al die vleis van haar bobeen weggeblaas, en hier sit hulle dae weg van enige beskawing. Die vroumense probeer die gapende wond so goed moontlik verbind, maar dit lyk maar baie sleg: sy het professionele hulp dringend nodig. Die manne sit koppe bymekaar: “Ons moet haar by die hospitaal kry”, stem almal saam, “as ons net eers by die spoorlyn kan uitkom, dan kan ons haar met ‘n trein tot by die hospitaal kry.”

Ann word op ‘n ossewa gelaai, en al stampende en swaaiende ploeg hulle deur

die onherbergsame bosse met hulle gepynigde passassier wat enige oomblik die emmer kan skop. Vrees om te sterf en ‘n verterende pyn dryf Ann byna tot raserny. Maar dan doen sy die byna ondenkbare: “Sarah, my sussie, sing vir my asseblief! Sing vir my ‘Nader my God, by U’” En Sarah sing! As die lied klaar is, het Ann alweer lankal die volgende versoek gereed. Naderhand sing almal saam so deur die snikke en trane deur. “Dis darem ‘n treurige spul die!”, besluit Ann, en sy begin saam sing - maar vrolik en opgeruimd. Hoe harder die ander lot tjank, hoe vroliker sing Ann. Uiteindelik word dit duidelik: Dis nie Ann wat al die angs beleef nie, maar haar familie saam met haar. Selfs in haar prille jeug was sy nooit bang vir die dood nie.

Uiteindelik, na ‘n reis wat soos ‘n ewigheid gevoel het, kom hulle by die treinspoor aan. By die naaste sylyn word die boodskap gestuur van die nood waarin hulle verkeer, en ‘n spesiale trein word vir Ann gereël. Dit

was ‘n groot sug van verligting wat almal slaak as die hospitaaltjie is sig kom. Maar dan kom die verpleegster se ontstellende woorde: “Jammer, hiér kan ons niks vir haar doen nie - ons hospitaaltjie is nie vir sulke wonde ingerig nie. Sy sal moet Barberton toe.”

‘n Tweede spesiale trein word vir Ann gereël. Al singende stoom hulle voort na die historiese myndorp. En Ann oorleef die onluk - sy oorleef hom sommer báie goed!

Vir twee lang, uitgerekte, senutergende, sielsdodende, vervelige dae, tot oorlopens toe vol van onsekerheid staan die trein op Ladysmith se deurdrenkte stasie en wag dat die vloedwater moet sak. En in die trein sit twee baie bedremmelde meisies in angs en verslaenheid die tyd en omwens. Dit is dus nie ‘n verrassing as Ann ‘n lang uitgerekte gil van opgewondenheid gee as die aankondiging kom dat die brug veilig is, en dat die trein gaan vertrek nie. “Bill, Bill, Bill, O Bill, Bill, Bill, jy is die liefling van my hart!”

sing Ann, uit haar vel uit van vreugde, en Sarah druk haar kop onder ‘n kombers in, want almal gaap hulle aan. “Ann, sjarrap!” Maar Ann sing!

Dit was ‘n lang, uitmergelende rit, maar uiteindelik stoom hulle Durban stasie binne. Vol verwagting lê Ann halflyf by die venster uit - Bill sal mos op die stasie vir haar wag. Die breë, opgewonde glimlag wat speels haar gesig versier, verdwyn stadig, en maak plek vir ‘n suur frons. “Hy het van my vergeet, Sarah, Bill is nie hier nie!”

“Onthou jy ooit nog hoe Bill lyk, ou Sussie - jy weet, jy het hom baie lanklaas gesien!”

“Aag, hy’s lank en bruingebrand en sterk en romanties.... Dis al’s die simpel trein se skuld - as ons nie twee dae laat gekom het nie......”

Bill daag nie op nie.

Met bultende tasse hyg twee moedelose meisies die lang ent na die strandfront waar hulle hotelletjie is. Dis vêr. Dis warm. Die

tasse is loodswaar. Die humeure loop hoog!

Maar elke pad het sy einde, en die twee susters se pad stop voor die hotel se stoep, waar ‘n portier hulle las oorneem en hulle na hulle kamer vergesel. “Home, sweet home”, sing Ann, lankal alweer vergeet van hoe kwaad sy vir Bill is dat hy haar nie op die stasie kom haal het nie. Die ou kamertjie is maar beknop, maar daar is darem nie weeluise nie! Haastig pak Ann uit. “Roer jou, Sarah, Bill gaan nou-nou hier wees, en ek wil hom nie mis nie!”

Sarah word saamgesleep na die hotel se stoep, al het sy nog nie eers halfpad klaar uitgepak nie. Vol afwagting gaan sit hulle en staar die straat af. ‘n aantreklike man kom aangestap. “Dis Bill daardie!” Ann wip op en af van opgewondenheid. “Nee man, Hy lyk nie so nie!” Die man stap verby sonder om te wys dat hy hulle hoegenaamd herken.

“Aag orraait Sarah, ek moet bieg dat ek gladnie meer kan onthou hoe hy lyk nie!”. Dis

‘n droewige situasie. Strepe enkellopende, lang, bruingebrande, sterk, romantiese mans kom verbygestap, en oor elke derde een word bespiegel of hy nie dalk Bill kan wees nie. Maar nie een van hulle kyk eers in hulle rigting nie!

“Ann, ons is in Durban!”

“Ja, en...?”

“Durban het ‘n see en ‘n strand!”

“Wat is jou punt ou Sussie?”

“Hier sit ons ‘n man en soek, en ons was nog nie eers op die strand nie! Komaan - kry lewe!”

Half onwillig word Ann saamgesleep strand toe, en weldra is hulle rokke sopnat. Uitbundig hardloop hulle en geniet die wonder van die groot water - Bill vir die oomblik vergete. Dit is eers as die vol maan oor die see opkom, dat hulle terugstap hotel toe - doodmoeg en hulle hare vol sand.

Daardie nag huil Ann haarself aan die slaap, terwyl Sarah moet troos. “Hy sal kom, my sussie, jy sal sien, hy sál kom!”

‘n Nuwe dag bring nuwe verwagtings, en die twee susters sluk haastig hulle ontbyt af om op die stoep te kom, vanwaar hulle kyk na al die manne wat verbyloop. Een van hulle móét Bill Landman wees! En so sit hulle uur na uur. Maar Bill daag steeds nie op nie. Die dag sleep traag verby. En so ook die dag daarna, en die volgende een, én die volgende een.

“Ann, ek wil nie jou borreltjie bars nie”, sy kan sien dat haar liewe sussie nou op moedverloor se vlakte sit, “Ann, dis nou al ‘n volle week wat ons hier sit. Bill sal nie meer kom nie, en die tyd het gekom dat ek moet huistoe.”

Skielik spring Ann op: “Sarah, ek gaan hom soek!”

“Ann, jy’s mal! Waar dink jy gaan jy nou vir

Bill loop uitkrap? Jy weet nie eers waar hy bly nie!”

Maar Ann het besluit: Vir Bill Landman gaan sy soek totdat sy hom kry! “Jy kan maar terug gaan huistoe Sarah - Bill is by St. Lucia, en ek gaan hom daar kry! Hy’t gesê hy trou met my, en trou met my sál hy!”

En so hinkepink die twee meisies die volgende dag met hulle swaar vrag tasse terug stasie toe - Sarah op pad terug na Machadodorp, en Ann? Wel, waar die trein haar heen kan vat.

“’n Kaartjie na St. Lucia”, verduidelik sy vir die man in die klein venstertjie. “Nee Juffie, daar is nie ‘n trein suintoe nie.”

“Nou maar hoe kom ek dan daar Oom?”, huil sy.

“Daar is ‘n trein tot op Matubatuba, maar daar is ‘n klein probleempie”, verduidelik hy, “die treinbrug oor die Umfolozi het weggespoel, en nou kan die trein nie meer

tot by Matuba kom nie.”

Ann is platgeslaan. Maar skielik gaan daar vir haar ‘n lig op. “Dís hoekom Bill nie gekom het nie!”, jubel sy, “Bill het nie vergeet nie - hy kon nie oor die rivier nie! Arme Bill! En al die tyd beskuldig ek hom dat hy van my vergeet het!”

Ann besluit: Buig of bars - sy gaan na Bill toe. Hoe meer die kaartjiesman vir haar probeer verduidelik dat g’n mens oor daardie rivier sal kom nie, hoe meer vasberade is sy dat sy ‘n manier sal kry. Uit pure moedeloosheid verkoop hy aan haar ‘n kaartjie tot by Umfolozi, ‘n klein gehuggie net deuskant die rivier.

Die daglange rit vlieg verby, terwyl Ann vrolik sing. Waar die trein sy finale stop maak, klim sy af, en sleep haar swaar tas in die rigting van die rivier. Wat sy daar aantref, slaan haar asem skoon weg: ‘n woedende, tierende massa modderbruin water beur ‘n breë baan deur die vlakte. Waar daar eenmaal ‘n

treinbrug was, hang die spore soos twee slap riete oor die afgrond, skaars ‘n meter bo die kolkende verskrikking. Moedeloos gaan sit sy op haar tas. Rou snikke skeur deur haar liggaam. “Hoe gaan ek óóit daar anderkant kom?”, kerm sy.

Moedverlore los sy haar tas net daar langs die rivier, en begin sy loop. Waarheen? Aag, sommer net êrens heen - maak tog nie saak nie.

En dan sien sy dit: ‘n Roeibootjie! Skrikwekkend naby die omgesukkelde rivier staan ‘n klein huisie, en voor die huisie die antwoord op al haar probleme - die roeibootjie. Sy hardloop nader, en tref ‘n ou omie aan waar hy staan en werskaf.

“Is dit Oom se bootjie?”, wil sy opgewonde weet.

“Ja?”, hy sien sommer hier kom gróót moeilikheid.

“Asseblief Oom, roei my na oorkant toe!

Asseblief...”

“Jy’s seker mal, meisiekind!” Hy is sommer dadelik vererg. Hoe kan enigeen van hom verwag om deur daardie malende massa te roei. Dis moeilikheid soek! Dis jou dóód soek! “Nee! Nee! Nee!”, Al soebat sy ook hóé mooi - hy sal baie beslis nie kopgee nie!

En dan doen sy wat ‘n vrou die hééI beste kan doen: Sy huil. Snot en trane! En sy vertel vir hom van Bill, en hoe lief sy hom het, en van die verskriklike rit Durban toe, en die aaklige week toe Bill nie opdaag nie.

En die omie se hart vermurwe. “Ek gaan seker nog bitter spyt wees hieroor”, brom hy, “Toe, bring jou tas!”

Al huppelende hardloop Ann so vinnig as wat haar Parsons beentjies haar kan dra. Sy gryp die tas en swaai hom soos ‘n woer-woer rondom haar van pure uitgelatenheid. Trane van blydskap rol oor haar wange “Bill, my liefling, ek kom!”

Skaars is die bootjie van die wal af weg, of Ann voel met ‘n wild-kloppende hart hoe die stroom hulle begin meesleur. “Hier ko’ móéilikheid!”, kerm die ou omie, en hy vat die spane vas en beur met elke greintjie krag in hom. Die bootjie skommel wild oor die modderbranders, en Ann spat sopnat. “Kan ek help....”, wil sy nog vra, maar sy kry ‘n kyk wat haar laat besluit om liewer net te bid. “Ons gaan see toe!”, prewel die omie desperaat, en Ann bid soos nog nooit tevore nie. Dit voel of hulle net nie wegkom van die wal af nie, maar die bootjie spoed met verbysterende vaart stroomaf. “Die haaie gaan ons opvreet!”, skiet dit deur haar verstand. “Wat het my tog besiel....?”

As sy haar oë oopmaak, sien sy dat hulle al verby die middel van die stroom is. “Ons vorder goed, nê Oom?”, probeer sy hom moed inpraat, maar al antwoord wat sy kry is ‘n verontwaardigde snork.

Ann het ‘n konsentrasiekamp in die Boere-oorlog oorleef, en sy het ’n jag-ongeluk

oorleef, waar feitlik haar hele bobeen weggeskiet is - waarom sou sy dan nie ‘n ou riviertjie in vloed oorleef nie? Sy en die baie bedremmelde, stokflou omie haal na ‘n gespook om lewe en dood die oorkantste wal. “Nooit, ooit solank ek lewe, laat ek my weer ompraat deur ‘n meisikind nie!”, prewel hy voordat hy uitgeput op die grond neerplof.

Met haar swaar tas in die hand, hyg sy die laaste paar kilometer na Matubatuba. “Weet jy dalk waar ek vir Bill Landman kan kry?”, vra sy oral rond. “O, dis mos die landmeter!”, skud iemand meëwarig die kop, “Ja, hy is terug St. Lucia toe. Het hier gestaan en ronddrentel soos ‘n verdwaalde miskruier. Die kêrel het op trou gestaan, en toe spoel die brug weg, en hy kon nie oor nie. Sjym! Hy het vir dae lank hier op en af geloop....”

“Maar waar kry ek hom?”. Ann is ongeduldig, “Hoe kry ek hom in die hande? Ek is die meisie met wie hy sou trou!”

“Dis half moeilik”, verduidelk die kêrel, “Sien,

hy meet plase en goed op in die gramadoelas. Vandag is hy hier, môre dáár. Hy bly glo in ‘n klein pondokkie iewers in die bos.”

Ann kry ‘n geleentheid in ‘n ou flenter vragmotor tot dáár waar hulle beduie het, Bill se pondokkie moet wees. En daar kry sy hom - die man van haar drome, kompleet met Harley Davidson en al. Die ontmoeting is soos in ‘n sprokie - trane van blydskap en verligting - ‘n omhelsig wat sê: “Ek sal jou nooit, ooit laat gaan nie.”

Daardie aand slaap Bill buite, want sy pondokkie het net een klein vertrekkie. Die volgende dag ry die tweetjies op Bill se Harley - Ann natuurlik is die syspan - na die plaaslike sendeling. Nét daar en dan trou hy hulle in die klein sendingkerkie, met twee van sy Zoeloegemeentelede as getuies. Bill leen die sendeling se ring sodat daar darem ‘n trouring kan wees vir die okkasie.

“In hierdie pondokkie kan ons nie bly nie”, sê

Bill vir sy bruidjie, toe hy haar oor die drumpel dra, “Een van die plaasboere hier naby het ‘n huisie wat ons kan huur - nie baie grênd nie, maar dis darem beter as niks.”

En so het die huweliksbootjie vir Oom Bill en Tannie Ann Landman begin. Dit was ‘n rowwe huweliksbootjie, en die eerste jaar het hulle in die plaasboer se huisie gebly - ‘n houthuisie op pale, met varke wat onder die huis se vloer geslaap het en hulle snags wakker gehou het. Daarna is hulle na Noord Rhodesië waar Oom Bill ‘n hele lengte- en breedtegraad moes gaan opmeet in een van die mees afgeleë gebiede. Op hulle Harley Davidson het hulle die onbekende ingevaar, en daar is hulle dogtertjie, Vilna gebore. So propvol avontuur soos hulle huwelik begin het, so het dit geëindig.

Die verhaal van Tannie Ann en Oom Bill is ‘n ware verhaal, al klink dit plek-plek baie vêrgesog. Ek het dit wel hier en daar ‘n bietjie ingekleur, maar die feite is korrek.

Dit is tóg snaaks dat baie mense so sukkel om die feite wat in die Bybel weergegee word net eenvoudig nie kan verwerk nie, en dit wil afmaak as “fiksie” of “geestelik”. Jesus se maagdelike geboorte is die eerste wat selfs deur “wyse” teoloë afgemaak word as “te goed om waar te wees”. En dan word daarmee saam ernstig getwyfel oor Jesus se opstanding en hemelvaart. “Dit het slegs in die dissipels se harte plaasgevind”, word daar vir ons verduidelik. Sy wonderwerke word summier afgemaak as legendes.

‘n Kêrel verduidelik eenmaal vir my dat hy nie in God kan glo nie, want hy kan nie glo dat God alomteenwoordig kan wees nie. God vra nêrens in die Woord vir ons om Hom te probeer verstaan nie - Hy vra slegs dat ons moet glo, want Hy is baie groter as wat menslike verstand kan verwerk.

Vandag wil ek jou vra om die waarhede wat in die Onfeilbare Woord van God verkondig word, in te drink en eg kinderlik te glo, net soos wat ek Tannie Ann se storie as kind

ingedrink het en haar verhaal in my hart bewaar het.

## 24 Skadubeelde

## Hebreërs 8:1-13

Toe ek kind was was daar nog nie sulke goed soos TV's, rekenaars of CD spelers vir vermaak nie. Om die waarheid te sê, het ons nie eers 'n radio gehad nie - wel 'n "draadloos" wat met 'n motorbattery gewerk het. Die ding het nie, soos vandag die geval, heeldag lank gespeel nie. Hy was net aangeskakel vir baie spesiale geleenthede, soos die nuus en die Du Plooys van Soetmelksvlei, want die battery het maar gou pap geword. Boonop was die klank iets afgryslik, want dit was selfs voor die jare van FM - die kortgolf seine het gekraak en gefluit en lawaai gemaak. Saans het ons onsself dus vermaak met kaartspeel, musiek maak en stories vertel.

Een van my groot gunstelinge was altyd om skadubeelde te maak. Met 'n paraffienlamp of kers wat agter jou as ligbron staangemaak is, maak jy met jou hande die mees

fabelagtige figure teen die muur. Daar was volstruise en slange en perde en skoenlappers. Daar was honde en katte en krokodille en bulle (net gewone bulle - daardie jare was ook nog nie sulke goed soos blou bulle nie!) Ek kon myself ure lank vermaak met hierdie prettige speletjie. Wonderlik watter ongelooflike beelde jou hande kan maak! Soms het dit ook gebeur dat daar ‘n mot of ‘n hotnotsgod voor die lamp sy sit kry, en dan word die allerverskriklikste beelde van reuse drake teen die muur geprojekteer.

Die filosoof Plato, wat sowat 400 jaar vC geleef het, het vertel van mense wat in ‘n grot vasgeketting was sodat hulle net voor hulle kon kyk. Agter hulle het ‘n vuur gebrand en al wat hulle van die werklikheid kon sien was die skadu’s wat teen die muur gereflekteer het. Ons is op aarde soos daardie grotbewoners - wat in die hemel gebeur, neem ons op aarde waar as daardie flikkerende skadubeelde.

Die Hebreër-skrywer pas Plato se denkskema toe as hy praat van die dinge in die hemel. In vers 5 praat hy van ‘n “*afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom*”, wat ons ‘n kykie gee van hoe die hemel is. Daar is egter ook ‘n ander skadubeeld waarna hy verwys - die dinge in die Ou Testament wat skadubeelde was van wat sou kom in die Nuwe Testament.

In die eerste ses verse word Jesus beskryf as die Hoëpriester by uitnemendheid. ‘n Hoëpriester op aarde het moontlik baie aansien geniet, maar hy was maar ’n blote skaduwee, as ons in aanmerking neem dat die aansien wat Jesus geniet onmeetlik groter is - Jesus regeer immers uit die hemel saam met die Vader. Hy beklee die hoogste gesag ooit. Die Levietiese hoëpriesters het net ***gestaan*** in God se teenwoordigheid - hulle offerwerk was nooit afgehandel nie. Jesus ***sit*** nou egter, want Hy het sy offerwerk vir eens en altyd afgehandel. Die aardse hoëpriesters het offers en gawes van die

mense gekry wat hulle eenmaal ‘n jaar, op die Groot Versoendag moes offer. Hierdie is dan ook maar net ‘n flikkerende skadubeeld van die groot offer wat Jesus sou bring. Die hoëpriesters se offers was menslike offers, en dit was maar ‘n powere poging om die sonde te versoen. Jesus se offer was ‘n Goddelike offer wat finaal met die sonde kon klaarspeel. Die aardse hoëpriesters het gawes van die mense gekry omdat hulle Leviete was, en die wet vereis het dat daar vir die Leviete gesorg moes word. Jesus was egter nie ‘n Leviet nie, en Hy kon dus nie vir gawes kwalifiseer nie. Hy moes dus sélf die offer wees.

God het ‘n verbond gesluit met Sy volk in die Ou Testament. ‘n Verbond is ‘n ooreenkoms of kontrak tussen twee partye, en in hierdie geval was God die een Party en die mense die ander. Hy sou vir hulle ‘n God wees, maar hulle moes ook hulle kant bring en Hom dien. Hierdie verbond het een swak plek gehad - die mens, want keer op keer het die

volk hulle skuldig gemaak aan kontrakbreuk. Hulle kon net eenvoudig nie hulle deel van die kontrak nakom nie.

Toe kom Jesus en tree as bemiddelaar op tussen die twee partye. God stel ‘n splinternuwe Verbond op, en Jesus verteenwoordig die mense by God en beding sodoende baie beter voorwaardes om die mens se saak by God te stel. In die eerste plek is dit nou nie meer nodig vir die opsigters en tussengangers van die ou verbond (priesters en Skrifgeleerdes) nie, want Jesus is reeds die Tussenganger by uitstek. Van klasseverskille is daar nou geen sprake meer nie, en almal is gelyk op grond van hulle persoonlike ervaring met die Here. Dit beteken ook dat dit nou nie alleen die Jode is wat toegang tot God het nie, maar alle volke en nasies. Daar is egter nog baie meer opgesluit in hierdie kontrak: God is genadig oor mense se ongeregtighede. In Heb 8:12 maak God die belofte: “*Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan*

*hulle sondes nooit weer dink nie."* Is dit nie wonderlik nie!? Daardie verskriklike sonde wat jy jare terug gepleeg het, en wat jou soos 'n nare nagmerrie ry - God dink gladnie eers meer daaroor nie, want Hy het jou daardie sonde totaal vergewe! Dit is uitgewis in Sy boek!

Is daar 'n voorwaarde verbonde vir my as mens om deel te hê aan hierdie kontrak? Ja! As 'n man wat in die hof staan weier om 'n advokaat te hê, is hy verdoem. Jesus is ons Advokaat by God - al wat jy moet doen is om Hom as Advokaat te aanvaar. Jy kan Hom vertrou om jou saak suksesvol te hanteer.

Gebed:

Dankie Here Jesus, dat ek vandag kan getuig dat U my Middelaar is, en dat U my saak hanteer. Dankie dat U reeds vir my volle kwytskelding van my straf bewerkstellig het.

# 25 Wat Beteken Kerkwees?

## Hebreërs 10:19-25

Klip-klop-klip-klop word die doodse stilte versteur, as sy agter by die kerk ingestap kom. Ek rek my nek om te kan sien wie die heiligheid so verbreek. Sy het ‘n blinknuwe paar hoëhakskoene aan wat duidelik ‘n nommer te groot is en ‘n hoed met plastiekblommetjies op. “Kyk voor jou!” pomp Ma my in die ribbes. Wanneer sy gaan sit, kraak die kerkbank, en ‘n paar koppe word gesteurd in haar rigting gedraai. Dan stilte, heilige, voelbare, ongemaklike stilte. ‘n Ou omie kug, en die klank weergalm deur die kerkgebou.

Uiteindelik, perfek gesinkroniseerd, presies op die sekonde 9-uur gaan die konsistoriedeure oop. Die kerkklok lui tweemaal, en soos een man staan die gemeente op terwyl die ouderlinge en diakens stywenek en met stroewe gesigte ingestap kom en in hulle spesiale banke

stelling inneem. “Here Jesus, ons is saam”, sing almal outomaties as ou Tannie Anna Raubenheimer die orrel met volle oorgawe laat bewe. Ek verwonder my aan al die omies wat presies eenders aangetrek is - swart manelpakke en spierwit dasse, nes pikkewyne!

Dan volg die rituele van wet en geloofsbelydenis en opstaan en sit en opstaan en sit, en ek weet nooit wanneer ek my oë moet toehou en wanneer ek mag kyk nie. Soms loer ek maar wat die grootmense doen, en dan maak ek ook maar so. Van die preek verstaan ek g’n kop of stert nie, want die dominee praat in ‘n verhewe taal met so ‘n heilige klank, selfs aan doodgewone woorde wat hy sê. En wanneer hy 'n woord soos “Mesopotaaahmië” sê, en dit so mooi uitrek, dan klink dit so heilig....... Die diens is bitter lank en die kerkbank pynlik hard en al die mense so verskriklik nors. Ek wens dit was al verby!

Dankie tóg dat daardie manier van kerkhou

finaal verby is!

Oor ‘n aantal jare het daar ‘n wonderlike vernuwing in die kerk gekom, en die stywe, ongenaakbare atmosfeer het totaal verdwyn. Dit is vir my amper simbolies van wat daar in die heel eerste kerk plaasgevind het. Die ou Jode het slegs in die tempel in Jerusalem aanbid. Net ‘n paar uitgesoekte mense is daar toegelaat. As jy nie ‘n Jood was nie, dan was jy beslis nie welkom nie. Vrouens het absoluut geen status daar gehad nie, en nog minder kinders, en hulle was ook nie in die tempel toegelaat nie. Hulle moes tevrede wees om maar tot in een van die voorhowe te vorder.

En toe word die kerk van Christus “gebore”. Skielik het almal vrye toegang tot die heiligdom, maak nie saak wie of wat jy is nie. En boonop hoef jy nou nie meer na Jerusalem se tempel toe te gaan nie, maar enige plek waar mense bymekaar kan kom is goed genoeg, selfs onder 'n boom.

Die dag toe die voorhangsel in die tempel geskeur het - toe Jesus aan die kruis gesterf het - is die gordyn wat God van die mense geskei het simbolies verwyder. Skaars dertig jaar later is die ganse tempel vernietig en gelykgemaak met die aarde, om nooit weer herbou te word in hierdie bedeling nie.

Die vraag is vanoggend, wat kerk vir ons beteken. In die eerste plek is ek en jy as gelowiges die kerk, en baie beslis nie die grênd gebou wat ons graag kerk noem nie. Dikwels wil mense nog probeer om daardie gebou heilig te verklaar, maar die feit is dat dit maar net ‘n gebou is. Wat wél van uiterste belang is, is dat die lidmate van die gemeente op ‘n gereelde basis bymekaar moet kom. “Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie”, pleit die Hebreërskrywer. As ‘n gemeente vandag baie gelukkig is, sal daar dalk 40% van die lidmate op ‘n Sondag by die erediens uitkom. 20% gaan waarskynlik nooit, óóit in ‘n erediens kom nie.

Was jy Sondag deel van die samekoms van jou gemeente?

Waarom is dit so belangrik dat jy by die gereelde samekomste van die gemeente betrokke raak? Waarom is dit dat die skrywer vra dat gemeentelede mekaar moet aanmoedig om te kom deelneem? Is dit vandag nog relevant in ons moderne samelewing?

In die eerste plek is dit die geleentheid waar jou geloof versterk word op verskillende maniere. Die doop en Nagmaal is byvoorbeeld tasbare dinge wat jou herinner aan Jesus se verlossingswerk. Die Woordverkondiging is ‘n uiters belangrike deel van die byeenkoms, want hier hoor jy wat God se wil is vir jou lewe. Dikwels moet daar hard met jou gepraat word, en ander kere vind jy troos en krag om weer die lewe in die oë te kan kyk.

Die samekomste het egter ook ‘n ander, baie belangrike funksie: dit bring gelowiges

bymekaar - mense wat hulle laste met mekaar kan deel. Deur mekaar se laste te help dra, genesende woorde te sê, mekaar se blydskap en vreugde te deel, trane af te droog en hande te vat, word die Koninkryk van God opgebou. Elke gemeente moet só kerk wees dat mense kan hande vat, medelye kan hê en mekaar se swaarkry kan deel. Die stroewe atmosfeer voor die erediens soos van weleer, het mens laat dink aan ’n dooie kerk waar die kerkgebou belangriker is as mense. Dankie tóg dat die geleentheid vandag geskep word vir mense om betrokke te raak by mekaar, en so waarlik lewende kerk kan wees.

Gebed:

Here, baie dankie dat ek vandag deel kan wees van ‘n gemeente wat lewe, en waar mense vir mekaar omgee.

## 26 Die Here tug dié wat Hy liefhet

## Hebreërs 12:4-13

‘n Rottang kan ‘n skrikwekkende stukkie gereedskap wees. Die vrees wat hy inboesem hang natuurlik grootliks af van in wie se hand dit is, en die bui van daardie persoon. Ek onthou ou Vere, die verstrooide wetenskaponderwyser se rottang. Dit was mildelik gebruik as ons skelm stinkbomme maak in sy klas terwyl hy ‘n eksperiment probeer demonstreer. Ek het nooit by hom gebuk nie, want wetenskap was vir my ‘n fees, maar hy het sy gereelde kliënte gehad. Pappa Britz het my egter gereeld gelooi, en glo my: sy rottang was giftig! Maar hy kon dit net eenvoudig nie regkry om geskiedenis in my in te looi nie. Vir Woltoon, die hoof, het ons almal ‘n heilige vrees gehad, want daar het jy eers op die spreekwoordelike rooi mat gestaan, en dan is daar lank en hard vir jou gepreek voor jou loesing. Die loesing was nie so erg nie, maar daardie preek…… Oom Fred Geyser het ’n “platriem” gehad, maar dit

was net ’n afskrikmiddel, want hy het bitter selde sy riem gebruik. Met woorde het hy ons deur standerd vyf gevorm, en ons het die grootste respek vir hom gehad.

En so is ek deur matriek getug. Pa het natuurlik by die huis ook sy deeltjie gedoen met groot liefde. Ek het bitter selde ‘n pak slae by hom gekry, maar ek onthou elke pynlike een van hulle soos gister. En ek het elkeen deeglik verdien!

En toe kom my weermagdae. Nege maande se diensplig was beslis nie maklik nie! As rou rekrute is ons die basiese van dissipline geleer op die harde manier. As jy ‘n fout maak moes jy in die bloedige son hardloop tot om die verste boom, en as jy nie vinnig genoeg hardloop nie, dan moet jy dit oor doen. Jy maak nie sommer dieselfde fout tweekeer nie! Later, toe ons met gevaarlike wapens te doene kry, is hierdie dissipline al so in ons ingedril, dat jy die wapens veilig kon hanteer. Dit het verséker vele ernstige ongelukke verhoed.

Wat beteken tug? Iemand vra my ’n tyd gelede of sy deur God gestraf word met haar siekte. Is alle vorms van teenspoed straf?

Tug is ‘n vormingsproses wat met liefde uitgevoer word. ‘n Geharde moordenaar word deur die staat gestraf deur hom lewenslank op te sluit. Dit is nie tug nie, want geen tug gaan hom op die regte pad kry nie - dit is rou straf! Die doel van tug is om die persoon fisies en geestelik te vorm. ‘n Kind wat ‘n lelike gewoonte aangeleer het, word getug sodat hy daardie gewoonte kan afleer. ‘n Atleet word gedurigdeur getug deur sy afrigter: ure van sweet en pyniging in die gimnasium en ure van uitmergelende oefening op die atletiekbaan. ‘n Atleet wat nie ‘n groot ambisie het nie, oefen net so bietjies-bietjies, maar die een wat die vermoë en die wil het het om die hoogste sport te bereik word gedruk tot die uiterste toe.

Inderdaad straf God: Sy straf vir die sonde is die ewige verderf, die hel - ‘n afgryslike, skrikwekkende straf. Jesus het die volle prys

vir God se straf betaal deur Sy offer aan die kruis. Elkeen wat dus in Jesus glo is totaal vrygespreek van God se straf, maar dié wat nie glo nie - wat nie Sy geskenk van die ewige lewe wil aanvaar nie - moet tevrede wees om God se straf te verduur. As jy dus in Jesus glo, is daar nie meer so ‘n ding soos straf vir jou nie. Maar dan tree God se tug in werking, nie as straf omdat jy gesondig het nie, maar as ‘n liefdesaksie om jou sterker te maak in die geloof. Soos ‘n atleet word jy deur tug gebrei in jou geloof totdat jy onwankelbaar is. Dit is juis húlle wat die grootste potensiaal het, wat die hardste getug word, want sodoende kan hulle soveel meer vir die Koninkryk beteken.

Die Hebreërskrywer haal aan uit Spreuke 3:11,12, as hy sê dat wanneer jy die dag God se tugtiging beleef, jy nie mismoedig moet word nie. Sien daarin eerder God se groot liefde vir jou, want Hy maak bemoeienis met jou omdat jy vir Hom baie beteken. Dikwels is siekte of pyn of bankrotskap nodig om ‘n

mens wat verval het in ‘n lewe van selfvoldaanheid - waar God vir hom nie meer belangrik is nie - terug te ruk na dít wat werklik saakmaak in die lewe. Sulke dinge is gewoonlik baie pynlik, maar dit dwing jou op jou knieë, terug na God toe. Voorspoed kan baie gevaarlik wees, want dit kan jou so geldgierig en magsbehep maak, dat jy van God begin vergeet. Dikwels is ‘n finansiële ramp die enigste ding wat jou weer by God uitbring. Wanneer dit dan gebeur, dan wil ‘n mens huil en jy vra waarom God jou dan so straf. Dit is nie lekker nie. Wees verseker dat dit nie straf is oor sonde wat jy gedoen het nie (dit is reeds lankal vergewe en vergeet!) maar dit is God se liefdesaksie om te keer dat jy nie miskien totaal jou geloof verloor en die ewige straf ingaan nie. Maar dit kan ook wees dat God jou hiermee wil leer om in totale afhanklikheid van Hom te leef.

Jy word dus aangespoor om die reguit pad te loop, en nie af te dwaal van God se weë nie, en sodoende jou “slap hande en lam knieë”

sterk te hou, want as jy die dag afdwaal, dan raak dit wat lam is boonop nog uit lit uit! En wees bly as jy getug word, want dit beteken dat jy deur God waardig ge-ag word! En die wonderlikste van alles: Dit beteken dat God jou liefhet!

Gebed:

Dankie Here, dat ek waardig in U oë is om getug te kan word. Gee my asseblief dankbaarheid en ‘n blye hart wanneer ek swaarkry.

## 27 Vissers van Mense

## Markus 1:16-20

Vanoggend gaan ek ‘n ding sê wat ‘n paar manne se harte sommer vinniger gaan laat klop: Visvang is opwindend! Toe ek ‘n klein seuntjie was, het Oupa die idee gekry om kurpers in ons plaasdam by Waterval Boven te gooi, saam met geelvis en swart baars. Blykbaar moes die kurpertjies as voedselbron dien vir die groot visse, want hulle het piepklein gebly. Ek glo nie dat daar ooit een was wat groter as 5cm geword het nie. Vir my as seuntjie was dit ‘n groot lekkerkry om hierdie vissies te vang. Jy buig ‘n kopspeld se punt om ‘n hoek te vorm en bind hom aan ‘n stukkie rúgare wat aan ‘n klein stokkie vasgebind is. ‘n Erdwurm is die ideale aas, en dan vang jy sommer strepe van hulle.

Maar dis nie sommer net vir vang nie: jy moes deeglik voorberei! Jy moes erdwurms gaan uitgrawe, en die hengelgereedskap

moes rég wees. En omdat die hoek maar bra primitief is, het jy baie meer visse verloor as wat jy gevang het. Wanneer jy daardie vissie aan die hoek het, dan bruis die adrenalien deur jou are, maar dan moet hy weer afgehaal en delikaat versorg word, want ek het hulle dikwels gevang om hulle weer in ander damme los te laat. En boeta! Kan so ‘n kurpertjie se rugvinne vir jou steek! Soms (dikwels) kry jy ‘n platanna aan die hoek in plaas van ‘n kurper, en dan is dit ‘n gemors: hy knoop homself so om die lyn dat jy jou vrek sukkel om hom af te kry. ‘n Gladde kalant daardie, en sy lyf is van de slym, en hy het skerp naels waarmee hy jou handjies vol skrape skop. As jy hom gevang het voel jy sommer lus om op te pak en te loop…..

Toe ek groter word, het ek bevordering gekry: eers palings, toe geelvis en swart baars, en uiteindelik die opwindende vlieghengel om forel te vang, waar jy al jou talente moet inspan om die slinkse visse te bekruip langs die helder bergstroompie op ons plaas.

Opwindend!

Ek dink nie Jesus kon ooit ‘n beter keuse gemaak het as om juis vissermanne te roep om sy eerste volgelinge te word nie. ‘n Visserman (hengelaar) verstaan so baie dinge van visvang van mense af, want daar is soveel ooreenkomste. In die eerste plek moet jy weet waaroor dit alles gaan: jy kan nie sommer vir enige dommie ‘n visstok in die hand stop en sê: “Gaan vang ‘n vis!” nie.

Net so kan jy nie sommer net vir enige ou op straat gaan aansê om ‘n evangelis te word nie: Hy móét self eers vir Jesus ken. In die tweede plek is daar, net soos vir die visserman, deeglike voorbereiding nodig: alhoewel ‘n splinternuwe Christen die saadjie van die evangelie dikwels baie doeltreffend kan saai in ander se lewens, kan jy eers werklik vrug op jou werk verwag wanneer jy kursusse soos EE III of Getroue Getuies deurgeloop het sodat jy die nodige kennis het om iemand met die evangelie te benader.

Dan is daar die kwessie van geduld: 'n visserman sal soms ure langs die viswater sit sonder dat daar 'n enkele ding gebeur by daardie sorgvuldig-voorbereide hoek van hom. En dan, wanneer hy dit die minste verwag, dan byt daardie vis, en dan moet hy presies weet hoe om hom te hanteer. As hy hom hardhandig hanteer, en hom oorhaastig en ongeduldig probeer uitsleep, kan die vis dalk baie seerkry en verlore raak. Presies so is dit wanneer jy mense-visse wil vang: jy moet baie geduldig wees, want om jouself op mense af te dwing uit ongeduld, dryf net 'n wig tussen julle in. Berei jou "lokaas" so aantreklik as moontlik voor, en wag vir presies die regte oomblik. En wanneer daardie persoon begin belangstel in die evangelie, moet jy hom nie probeer ryp druk nie. Gee hom "lyn" en "speel" hom geduldig, net soos 'n ervare visserman sou maak om daardie grote met 'n dun lyntjie en ligte visstokkie uiteindelik te land.

En wanneer hy eers gevang is, moet hy net

soos daardie kurpertjies met groot liefde versorg word vir die “nuwe dam”, die hemelse koninkryk. Hy kan nie maar net daar gelos word nie, maar hy moet geestelik gevoed en vertroetel word. En jy moet verwag dat sy “rugvinne” jou sal steek, want dikwels het jy te doene met mense wat verbitter is deur die lewe. En dan is daar die “platannas” wat vir jou moeilikheid gee van die dag af wat jy met hom kennis maak - mense wat nooit werklik Jesus se verlossing aanvaar nie, en jou alleen maar probeer misbruik om hulle persoonlike probleme op te los. Dan moet jy nie moedeloos oppak en loop nie, maar geduldig aangaan, want eendag sien daardie arme mens die lig, en leer hy waarlik vir Jesus ken.

Soos wat ‘n hengelaar meer sukses behaal met oefening en kennis en wanneer hy nader aan die natuur begin leef, so behaal ‘n mensevisser meer sukses deur oefening en kennis en wanneer hy nader aan God begin leef.

Om ‘n visser van mense te wees is baie, baie opwindend, en elke “vis” wat jy vang is vir jou ‘n wonderlike, onbeskryflike ervaring. Hoe lyk dit: wil jy dit nie probeer nie? Jy kan niks verloor nie, maar die beloning is onmeetlik groot en absoluut hemels!

Gebed:

Here, ek wil waarlik ‘n visser van mense wees, maar ek kort soveel kennis en geduld en wysheid en moed. Help my asseblief, Here, en gee my ‘n passie in my hart vir mensehengel.

## 28 Ploetervarke en Troetelvarkies

## Galasiërs 5:16-25

Ek kom in my slaapkamer in - dis half skemer, want die gordyne is toegetrek. Op my bed lê ‘n bondel iets - nou nie juis dat dit snaaks is nie, want in ‘n seun se kamer lê daar mos maar altyd ‘n deurmekaar bondel “iets” op die bed. Maar hiérdie bondel is anders - so ‘n half-aan-die-kant bondel, en nie die gewone deurmekaarspul nie. En dit snork! Vir ‘n oomblik is ek totaal uit die veld geslaan. As ek te naby kom, begin dit skielik beweeg, en met ‘n histeriese, onaardse gil spring dit van my bed af. Ek skrik my skoon in ‘n ander geloof in! Ek staar die dierasie wat my kooi wou annekseer agterna as hy gly-gly sy draaie probeer kry om by die agterdeur uit te kom. ’n Vark. ’n Lae, ongepoetste, vuil, stinkende vark! In my kooi! Hy moes seker by die agterdeur ingesluip het en toe ontdek hy in sy ontdekkingstog deur die huis ‘n heerlike sagte lêplekkie op my bed. Dit was baie jare gelede op Oupa se

plaas naby Waterval Boven.

Deesdae is dit die in-ding om ‘n vark as ‘n troeteldier aan te hou - skatlike ou goedjies. Jy het ‘n keuse van ‘n slanke pienketjie of ‘n mollige swartetjie met so ‘n plat gesiggie wat lyk of hy in ‘n ernstige kop-aan-kop botsing betrokke was en ‘n pens wat op die grond sleep. En intelligente, sindelike ou diertjies, dié varkies.

Maar het jy hulle al ooit in hulle natuurlike staat gesien? Ek praat nou nie van die moderne varkboerderye waar hulle nie eers weet wat modder is nie. In die ou dae was ‘n varkhok een groot modderpoel - nie oorspronklik so geskep deur die boer nie, maar die varke maak hom so. Hy word beploeg en begrawe en ongedolwe, alles met daai plat snoete van hulle, en met die eerste reënbui dan is dit een groot moddernes. En dán baljáár die varke dat die sop spat! En as daar nie modder is nie, dan ploeter hulle sommer deur hulle kosbakke en karring dit totdat die kos een groot jiggie is. As hulle

maar net vuil kan wees dan is dit mos hemel op aarde!

Galasiërs 5 is die bekende deel wat handel oor die vrug van die Gees, en waaroor daar al menige preke gelewer is. Maar soos met elke gedeelte van die Bybel, gaan die ware boodskap verlore as jy dit nie met die res van die brief as agtergrond lees nie. Hou dus in gedagte wat Paulus die hele tyd probeer sê: Geen mens kan vryspraak kry van skuld of sonde deur goeie dade te doen nie, maar alleen deur geloof in Jesus. Tweedens, as jy in Jesus glo, dan is jy geestelik vry, en beteken dit nie dat jy lang lyste moets en moenies moet nakom nie. Wees dus versigtig om nie van Galasiërs 5 ‘n lys reëls te maak wat ons moet nakom om ons verhouding met God reg te stel nie, maar sien dit eerder andersom, dat omdat ons verhouding rééds met God reggestel is, ons ernstig daarna gaan streef om ons vryheid reg te gebruik.

Die vraag waaroor dit dus hier gaan is: hoe leef iemand wat deur geloof in Jesus

Christus vryspraak van skuld en sonde gekry het? Paulus se antwoord is kort en kragtig: Deur die Gees van God (vers 16). Sien, daar is ‘n geestelike geveg binne in ‘n mens - ‘n soort oorlog in’t kleine. Aan die een kant staan daar jou sondige natuur (dis nou die ploeterende plaasvark) met sy natuurlike instinkte om baie eerder slegte dinge te doen (in die modder van die sonde rond te baljaar) as goeie - veral die dinge wat jouself bevoordeel. Aan die ander kant is daar die Gees van God wat lynreg teenoor jou sondige natuur is. Dit is amper soos twee gevegslinies wat gereed staan om oorlog te maak. In die praktyk is die gelowige in twee geskeur tussen die sondige natuur en die Gees. Jy voel lus om toe te gee aan die sonde, maar jy wil ook luister na wat die Heilige Gees vir jou sê. Slegs jy alléén kan daardie keuse maak, en daarom doen Paulus die beroep: Maak die régte keuse en laat jou deur die Gees lei.

Paulus illustreer nou prakties wat dit beteken

as jy ‘n keuse gemaak het. As jy swig voor jou sondige natuur, dan kom daar liederlike dinge na vore soos onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, dronkenskap, uitspattigheid, haat, woede, afguns en nog baie ander walglike dinge (gaan lees maar Paulus se sondelysie in Gal. 5:19-21).

As jy egter onder beheer van die Gees lewe, dan kom daar totaal ander dinge in jou na vore. Paulus noem dit die “vrug van die Gees”. Let wel: nie vrugte (meervoud) nie maar vrug (enkelvoud), want al hierdie dinge behoort in ‘n Geesbeheerde gelowige se lewe te wees. “Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing” (Gal. 5:22), is die soort van dinge wat die kenmerk van ’n gelowige se lewe behoort te wees.

Die praktyke van die sondige natuur bestaan uit ‘n klomp onaangename goed wat gewoonlik skielike opwellings is van jou emosies en luste. Daarteenoor is die vrug

van die Gees dinge wat stil en rustig na vore kom. Die sondige praktyke spruit voort uit ‘n beheptheid met jou self - eiebelang; eiegeregtigheid. Die vrug van die Gees daarteenoor is ‘n gawe van God. Paulus begin hierdie lysie doelbewus met “Liefde”, want dít moet die uitgangspunt en allesoorheersende faktor in die Geesbeheerde lewe wees.

Gebed:

Gees van God, neem asseblief volle beheer van my lewe oor.

# 29 Treinspore

## Romeine 9:6-18

Vanoggend se onderwerp het menige mense al erg laat kleitrap - gelowiges sowel as ongelowiges. Dus, as hierdie “omstrede” onderwerp - die uitverkiesing - vir jou al slapelose nagte gegee het, dan kan jy beslis weet dat jy nie alleen is nie - jy deel dit met miljoene ander mense. Die vraag is of daar wél so iets soos die uitverkiesing is, en hierop antwoord Paulus aan die einde van vanoggend se Skriflesing, as hy die gedeelte soos volg opsom: “Dit is inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil, en dat Hy verhard wie Hy wil.”

Voordat jy hierdie dagstukkie summier uitvee, en sê: “Ag ek is seker maar nie uitverkies nie - waarvoor lees ek nog verder!” wil ek vir jou sê dat daar vanoggend vir jou wonderlike nuus is. Ja, inderdaad kan die hele ding oor die uitverkiesing ‘n wrede ontnugtering wees, en dít so pas nadat Paulus ‘n ellelange stuk

geskryf het waarin hy jou wil orreed om te glo in Jesus Christus, want alleen hierdeur kan jy gered word. Wil Paulus jou nou deurmekaar maak en jou borreltjie bars met hierdie nuus dat jou geloof dalk absoluut niks daarmee te doen het nie, maar dat jou redding slegs bepaal word deur God se uitverkiesing? Jy wil daarteen baklei, want jou logika sê vir jou dat hierdie twee dinge net eenvoudig nie saam by dieselfde punt kan uitkom nie. “Ek verstaan dit nie!”

Op Waterval Boven, waar ek grootgeword het, was spoorlyne deel van die alledaagse lewe. Male sonder tal het ek oor die spoorlyne geloop, en dan was die een vraag wat altyd by my opgekom het: “Waar kom hierdie twee treinspore bymekaar?” Kyk ‘n mens langs die treinspore af, dan sien jy hierdie twee parallelle spore wat klaarblyklik tot in die oneindigheid in presies dieselfde rigting loop, maar hulle ontmoet nêrens - of so lyk dit ten minste. As jy egter in die verte in staar, dan raak die prentjie so klein dat jy

nie meer die twee spore van mekaar kan onderskei nie - nou lyk dit asof dit een enkele spoor is.

Daar is twee waarhede wat Paulus ons leer,



wat nes twee treinspore parallel met mekaar loop. Die een spoor se naam is “God se Uitverkiesing” en die ander spoor se naam is “My eie verantwoordelikheid”. Vanoggend kom ons by die vraag: Watter een van hierdie twee is die ware spoor? of: Watter waarheid is die wáre waarheid?

Dalk moet ek dit verduidelik aan die hand van nóg ‘n voorbeeld: Waar ek vanoggend

hierdie dagstukkie skryf, glo ek met my hele hart en siel dat dít wat ek skryf die woorde is wat die Heilige Gees in my gedagtes lê - ek het immers gebid dat Hy dit moet doen. Aan die ander kant gebruik ek die vaardighede wat ek deur die jare aangeleer het, en die kennis wat ek opgedoen het om hierdie boodskap oor te dra. Albei hierdie eienskappe is terloops gawes wat God my gegee het. Wie het dus hier geskryf - ek of die Heilige Gees? Besluit maar sélf!

Die uitverkiesing mag totaal verwarrend wees, want ons probeer daarna kyk uit 'n tyd-like (is daar so 'n woord?) oogpunt. God kyk egter daarna uit 'n tyd-lose oogpunt, vanuit die ewigheid. Daardie twee treinspore van uitverkiesing en self-verantwoordelikheid lyk vir ons vanuit ons tyd-like oogpunt asof hulle nooit, ooit bymekaar kan kom nie. Maar vir God kom hulle wél bymekaar, omdat Hy in die verskiet in kyk. Alhoewel dit dalk vir ons voel asof hierdie twee aspekte nie tegelyk waar kan wees nie, is dit bloot 'n menslike

gevoel, en die waarheid is dat hulle tóg gelyk waar is, want só sê God in Sy heilige Woord vir ons. (Moet tog asseblief nooit slegs op jou gevoel staatmaak nie!)

Die vraag wat onmiddellik in ‘n mens se gedagtes opkom oor die uitverkiesing, is of God dan nie onregverdig is as Hy slegs sekere mense uitverkies, en ander laat verlore gaan nie? Kom ek probeer verduidelik: Ek ry een aand na ‘n verlate winkelsentrum. As ek uit my motor klim, skarrel ‘n klomp motgevrete, vuil, honger katjies onder my voete uit. So verwaarloos en aggressief en mistroostig het ek nog nooit gesien nie. As ek na een uitreik, blaas hy vir my. Ek druk deur en gryp enetjie - hy byt en krap, maar later kom hy tóg tot bedaring. Ek neem hom huistoe en versorg hom met groot liefde, totdat hy uiteindelik ten volle deel van ons gesin word - ‘n gelukkige en tevrede katjie.

Ek was genadig teenoor die katjie, en ek het hom gered van ‘n gewisse dood. Was ek nou

wreed om nie al die ander katjies óók te vat en te versorg nie? Sekerlik nie!

Ons was almal soos vuil, aggressiewe katjies teenoor God. Ons kan net dankie sê dat Hy genadig was teenoor ons, en terselfdertyd bitter jammer voel vir al die ander wat nog nie God se genade gesmaak het nie. Vanoggend loof en prys en dank ek die Here dat Hy my nie in my verlorenheid gelos het nie - ‘n verlorenheid waarin ek deur my eie toedoen was - maar dat Hy genadig was teenoor my terwyl ek Sy vyand was, en ten spyte daarvan my gered het van ‘n gewisse dood.

Gebed: Dankie Here, dankie dat ek vanoggend kan getuig dat U my uitverkies en gered het.

# 30 Die Pottebakker

## Romeine 9:19-29

Die heerlike geur van vars, nat klei hang swaar in die lug as ek die pottebakker se werkswinkel instap. Ek is opgewonde - wat gaan hy vanoggend maak? In die vertoonlokaal staan die mees elegante kunswerke uitgestal, en daar is van te kies en te keur. Al die kleure van die reënboog is daar verteenwoordig, en daar is van piepklein tot mammoetgroot - koppies, bakke, blakers, potte.

“Kom kyk”, word ek vriendelik uitgenooi agter die skerms in, dáár waar die dinge gebeur. Ek stap in ‘n totaal ander wêreld in - hier is dit half-morsig, as ‘n mens die woord durf gebruik, want die vloer is nat, en van al die glans en glorie van die vertoonlokaal is hier niks te bespeur nie. Aan die vêrste ent van die vertrek staan ‘n reuse oond, en ek sien al hoe gloei hy van binne met ‘n hitte wat die warmplek na ‘n vulletjie laat lyk. In die middel

van die vertrek staan die beroemde draaitafel - die plek waar die groot wonders gebeur. Rondom is dit alles behalwe skoon - ‘n modderigheid omring die draaitafel, en skielik begin my gedagtes te dwaal na die tyd toe ek ‘n klein seuntjie was, op Oupa se plaas by Waterval Boven.

Daar was ‘n kleigat, net onderkant die fontein - taai, gladde blou klei, wat ek en my maters dikwels uitgegrawe het - en in die proses vieslik vuil geword het. Dit was oorlog-klei, want kleilatgevegte was aan die orde van die dag. Maar soms was dit ook lekkerspeel-kuns-klei, waarmee ons klei-osse en allerhande wonderlike dinge gemaak het. Ek het dit eenmaal in Ouma se ou koolstoof se oond probeer bak, maar dit was ‘n volslae mislukking!

Ek word terug geruk na die werklikheid as die pottebakker ‘n stuk klei neem en dit begin brei totdat dit heerlik elasties en vormbaar is. Met méning gooi hy ‘n stuk klei wat hy sorgvuldig afgemeet het op die wiel. Terwyl

die wiel draai, begin sy kunstige hande iets vorm. “Wat gaan hier uitkom?” wonder ek opgewonde. Sy hande word natgemaak, en die klei maak hulle modderig, sodat sy hande en die klei op die wiel naderhand een is. Stadig neem die voorwerp vorm aan, totdat hy skielik sê: “Daar’s hy, dis klaar”.

Ek is teleurgesteld - al wat hy gemaak het is ‘n plat bak. Ek wou sien dat die pottebakker ‘n ingewikkelde kunswerk maak, maar nou dít! Ek verstaan nie - sy talente word nie gebruik nie! Hy lees die vraagteken op my gesig, en dan lag hy: “Hierdie gaan ‘n kleurvolle vrugtebak wees - ek gaan dit glasuur wanneer die klei droog is, en dan gaan dit gloei met die vrolikste kleure.”

Gister het ons gekyk na die uitverkiesing, en daar hang seker nog baie vrae in die lug. Selfs Paulus vra die vraag: “Is God dan onregverdig?” Prof Johan Heyns  skryf in sy boek: “Dogmatiek” dat God se genade so groot is dat Hy wil hê dat elke mens wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die

ewige lewe sal beërwe - daarvoor het Hy die mens uitverkies, en so is jy en ek en elke mens wat in Hom glo uitverkies. Die hartseer saak - en ek glo dat die Here die hartseer deel - is dat sommige mense hierdie onbegryplike, onverdiende genade in Christus verwerp en kies vir hul eie manier van selfregverdiging deur “goeie werke”......

Die uitverkiesing, en daarmee saam baie ander vraagstukke, is vir ons onverstaanbaar, en ons wil graag vir God voorskryf hoe dinge behoort te gebeur. Paulus vergelyk God se handelinge met dié van ‘n pottebakker. Hy het vrymag om te maak met die klei wat Hy wil, en dit te vorm na Sy hand. Soms lyk dit wat Hy maak vir ons onregverdig, maar God se plan is soveel groter as wat ons gedagtes kan verwerk.

Ek wil soms vra: “Maar waarom het God my dan nie ‘n Billy Graham of ‘n Angus Buchan gemaak nie?” Maar ek vergeet baie gou dat ek maar net ‘n klont vaal klei was voordat God my begin vorm het. Hy het nie nodig

gehad om enigiets aan my te doen nie, want ek was vir Hom absoluut waardeloos. Nogtans het Hy uit genade hierdie waardelose stuk slap, modderige klei geneem en iets daaruit gevorm wat nuttig kan wees vir Sy koninkryk.

Daardie vormingsproses was natuurlik nie altyd so lekker nie, want ek moes anders gemaak word as waaraan ek gewoond was, en om bruikbaar te word moes ek geglasuur word - in ‘n baie warm oond bak (figuurlik gesproke). Van my kant af was daar slegs een voorwaarde: ek moes gewillig wees, want sonder my eie toestemming sou God nie hierdie proses met my begin het nie. Wat behels hierdie “toestemming”? Om “Ja” te sê op God se roepstem, en Jesus se geskenk van die ewige lewe te aanvaar. Maar dit gaan ook verder - ek moet toelaat dat God my verder vorm en bruikbaar maak. Hoe doen ek dit? Deur die sonde agter te laat en myself te bekwaam vir Sy diens, maar die belangrikste is dat ek gewillig moet wees om my aan God

se vormingsproses - hoe pynlik dit soms ook kan wees - te onderwerp, en Hom, die Groot Kunstenaar, met my lewe te vertrou.

Gebed:

Here, Skepper van die heelal - ek stel my vandag onvoorwaardelik in U kunstenaarshande.

# 31 Op die Magtige Lompopo

## Johannes 4:43-54

Donkeroggend vertrek ons uit die idilliese Portugese dorpie, Xai-Xai vir 'n drie dag lange hengelekspedisie by die Limpopomond.. By Villa Da Joa Bello moet ons oor die Limpopo met die pont. 'n Span singende Shangaans trek met staalkabels hierdie reuse gevaarte, gelaai met 'n klomp opgewonde passasiers, 'n vragmotor, 'n paar blêrende boer(?)bokke, en natuurlik ons eie safari, oor die oneindige kronkelende mistiek-mistige rivier. My hart bons in my keel as ons op die oorkantste oewer weer van die pont afry. Sê nou net die loopplank breek onder die Landrover se gewig! Sê nou net Pa ry nie reguit genoeg nie, en duiwel in die rivier in . . . Maar kort voor lank ry ons oor opgeboude paaie deur die eindelose moeras met sy digte wolke muskiete. Pikswart poele water raak sprokiesmooi prentjies as die bloedrooi en helder oranje van die dagbreek daarin geskilder word.

En dan uiteindelik na ure se ry, lê die magtige Lompopo weereens voor ons - nou is ons naby die monding, en die kalm water lyk soos `n reuse meer. Visstokke, aas, komberse, kos, kanne drinkwater en 'n kan Portugese wyn (vir daardie koue nagte) word op 'n primitiewe houtkaai opgestapel. Sylvestra, ons gids, vergesel ons tussen die bosse deur om met die "Kaptein" van Bara te onderhandel. Dié beduie met groot omslagtigheid in gebaretaal wat vir ons mag voorlê. Hy kan nie 'n woord Engels praat nie, dus is sy hele gesprek 'n wilde geswaai van arms om te vertel van 'n swaardvis wat onlangs hier gevang is. Hy beduie na 'n groot boom om te verduidelik hoe groot hy was, en sy hande maak klein kabbelinkies soos die klein vissies gespartel het om voor hierdie monster uit te vlug. Sy arm swaai stadig, lank uitgestrek, heen en weer voor sy neus, om te beduie van die swaardvis se lang neus. Sylvestra vertaal. Uiteindelik roep hy 'n klein seuntjie, skaars tien jaar oud, wat ons "toergids" vir die uitstappie sal wees. Ek kyk

hom baie skepties aan, maar Sylvestra glimlag tevrede. Hy kán glo die ding doen, al is hy maar net so oud as ek.

Die roeibootjie word gelaai tot oorlopens toe vol. Wanneer ons almal ons sit gekry het, is die rant net 'n paar duim bokant die watervlak. Jy sit maar eina-eina, want as jy te veel beweeg, dan kan hierdie gevaartetjie dalk saam met die haaie en krokodille op die bodem beland. Die blote gedagte aan hierdie wreedaardige monsters maak die avontuur net soveel groter.

Die tengerige seuntjie vat sy roeispane vas. Sal hy ooit die mas opkom met hierdie sware vrag? Maar blykbaar is dit nie die eerste maal dat hy so 'n taak aanpak nie, en stadig maar seker gly ons weg van die digte oewerwoud af tot in die middel van die watermassa. Veiligheid lyk 'n kilometer ver, en ons ou skuitjie baie klein en bitter wankelrig onder sy swaar vrag. Nou weet ek hoe Jesus se dissipels moes voel toe húlle daar in die middel van die see teen 'n storm

moes veg.

Die tafereel van 'n lowergroen woud skuif stadig verby. Mens wonder watter ongediertes nog daarin kan skuil. Luiperds, olifante, dalk selfs tiere en goed? Mens weet nooit! Die skreeu van 'n visarend weergalm oor die rivier, en ons kan sy wit vere net-net uitmaak waar hy in die toppie van 'n reuse wildevy sit. Stadig verander die groen massa. Wit kolle van sandduine begin hier en daar tussenin verskyn, totdat daar uiteindelik hier voor ons 'n reuse sandduin opdoem - die riviermonding - die einde van ons reis. As die skuitjie met 'n ruk op die sagte sand tot stilstand kom, is ek af om die wêreld te gaan verken. Ek en my ou boesemvriend, Fanie, huppel oor die eindelose skitterwit sandduine. Bo-op die eerste duin klink die dreuning van die see skielik op. Opgewonde hardloop ons die branders tegemoet, spring oor uitgespoelde boomstompe en jubel oor die lekker lekkerte. Op die strand leun die geraamte van 'n ou skeepswrak skeef teen

die sandduin aan, om vir oulaas nog van êrens af 'n bietjie ondersteuning te kry. Ons klouter tussen sy ribbebene rond. Wonder wat het hom getref? Dalk 'n storm? Of seerowers! Ja, dit moés seerowers gewees het!

Opgewonde hardloop ons terug om van ons ontdekking te vertel, maar dan moet ons eers kamp-maak. Baie primitief, want daar is nie tente en al sulke soort luukshede nie. Ons slaap sommer so onder die sterre. 'n Seiltjie gee genoeg skaduwee teen die moordende son bedags.

Te gou is die dag verby, maar die pikdonker nag bring sy eie bekoring. 'n Gesellige kampvuur sorg vir baie opwinding. Daar het ek ontdek dat lig nie net motte lok nie, maar ook spookkrappe. En elke keer as 'n krap gille van die vroumense ontlok, kraai ek en Fanie van pure lekkerkry. Wie is dan tog nou bang vir 'n krap! Miljoene sterre wink vir ons aan die wolklose lugruim. Onwillekeurig jubel my hart die lied uit: "Hoe lieflik is u wonings,

Heer der leërskare, hoe begeer my siel en hunker van verlange om na God's woning op te gaan, en in u tempelpoort te staan. My hart en siel, o God, roep luid tot U wat leef, verlangend uit!" En ek wonder hoe dit moet wees om in die hemel te bly. Dit moet wonderlik wees!

As die son sy eerste strale oor die sandduine gooi, word 'n vars vis of twee in botter gebraai vir ontbyt. Die manne vang vis (dáár hengel jy nie - jy vang hulle!). Oom Fred se visstok gee skielik 'n wilde pluk. Sy katrol sing (beslis nie Sarie Marais nie!). Elke spiertjie in sy liggaam is gespanne soos hy spook met hierdie monster en jy kan sien dat hy elke oomblik van hierdie geveg geniet. En dan, skielik, is daar 'n blits in die water, en sy vis is weg. Teleurgesteld hang sy gesig as hy die hoek inkatrol. Maar hoekom voel die hoek dan nog so swaar? Daar is darem nog iets daar vooraan! En wrintiewaar! As die hoek uit die water gelig word, hang hierdie yslike viskop van vier kilogram aan sy lyn, netjies

afgesny soos met 'n mes, net agter die kiewe. Ons skat dat die vis maklik veertig kilogram moes weeg, en wie weet hoe groot die monster van 'n haai moes wees om hom met een hap middeldeur te byt! Ek sidder as ek dink dat ons dit op `n ou wankelrige bootjie met `n blote kind as kaptein dit tussen sulke monsters moes waag!

Te gou is ons uitstappie verby, en moet ons oppak. As die skemer na die derde dag oor die groot rivier daal, roei die seuntjie ons van die wal af weg in die tot oorlopens toe volgelaaide bootjie. Fosfor maak helder ligfakkels in die water as die roeispane met krag swoer-swoer. Maar dan is daar 'n probleempie: Dit lyk net nie of ons vorder nie. Ons bootjie staan op een plek stil, maak nie saak hoe hard die seuntjie roei nie! Tot ons skok moet ons verneem dat die gety besig is om uit te gaan, en ons probeer om stroomop teen hierdie watermassa uit te beur. Die stroom word al hoe sterker en sterker, en ek sien al hoe ons die diepsee ingesleur word.

As ons in die donker in die oop see beland gaan ons almal versuip! Nee, die haaie gaan ons opvreet nog voordat ons kan versuip! Ons moes aangedring het op `n behóórlike skipper vir ons bootjie - hierdie klein seuntjie kan mos nooit die paal haal nie. Die sweet tap die kêreltjie af soos hy stoei met die spane, maar met `n kloppende hart voel ek hoedat die stroom ons vat.

Dan besluit die seuntjie dat die situasie hopeloos is. Hy voer 'n verlore stryd. Hy sit sy roeispane neer - en spring oorboord! Verwarde gedagtes flits deur my brein: Die haaie gaan hom opvreet! Of die krokodille! En ons gaan almal versuip! O wee! Wat maak die mannetjie tog....

Maar dan skyn dit, hierdie seuntjie is gladnie so onnosel as wat hy voorkom nie. Hy gaan staan agter die boot en stoot hom verder - die water is maar kniediep! So stoot hy ons tot ons uit die hoofstroom is, en ons veilig die oorkant kan bereik. Ek voel skaam, skaam omdat ek ons goeie stuurman so verskriklik

onderskat het; skaam omdat ek hom nie vertrou het nie; skaam omdat my geloof so klein is. Hy ken immers die rivier soos die palm van sy hand, want hier het hy grootgeword. Die fosfor maak 'n helder ligstreep deur die water agter ons as ons die laaste entjie in kalm water huis toe roei.

Johannes skryf van die regeringsamptenaar van Kapernaum wat in groot nood was omdat sy seun op sterwe gelê het. Hy hoor van die wonders wat Jesus doen, en besluit dat Jesus sy laaste uitweg is. Toe vertrek hy na Galilea waar Jesus besig was. Hy stort sy nood voor Jesus uit, maar Jesus wil nie saam met hom na sy seun gaan nie. “Gaan maar huis toe, jou seun lewe.”, is Jesus se woorde aan hom. Ons lees dat die man Jesus geglo het en omgedraai het terug huistoe. Sy seun was genees. Maar nie alleen het sy seun nuwe lewe gekry nie - daardie amptenaar en sy hele huisgesin het tot geloof gekom in Jesus, en nuwe lewe - EWIGE LEWE gekry!

Hoe groot is jou vertroue in Jesus? Is jy bereid om Hom in absoluut alles in jou lewe te vertrou? Vertrou jy Hom met jou finansies, jou werk, jou huwelik, jou gesondheid, jou plesier - elke dingetjie in jou lewe, of vertrou jy Hom dalk net vir jou verlossing? Ons ganse lewe was daardie dag op die Limpopo in die hande van ‘n ou klein seuntjie.

Hoeveel groter is Jesus nie as daardie ou seuntjie nie!

Gebed:

Here, ek dank en loof en prys U vir al die winderlike onthou-dinge wat U vir my gegee het. Dankie vir ‘n lewe waaraan ek kan terug dink, en U sterk hand sien wat my deur alles gedra het. Dankie dat ek vandag kan weet dat ek nooit alleen was nie, maar dat U elke tree saam met my gestap het.

Monding van die Limpopo



*As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik. Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.*

MOSBOLLETJIE BOEKE

zapper™